# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 368 • Februarie 2024



## Kerklos, kerkloos, Goddeloos

LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Februarie 2024 | No. 368

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Kerklos, kerkloos, Goddeloos

### Redaksioneel
**Ds. Schalk Strauss**
Eers wandel jy, dan staan jy en uiteindelik sit jy! ................................. **1**

### Amptelik ........................................................................... **3**

### Ontvang die Woord
**Ds. Jannie Bisschoff**
God se genade oorwin ons afvalligheid ................................................ **4**

### Hoofartikel
**Ds. Johan Schütte**
Die Afrikaanse Protestantse kerkverband:
Kerke met 'n feestelike toekomsblik ........................................................ **6**

### Artikels
**Gustav Opperman**
Daar vir my Verlosser ... daar vir mekaar ............................................. **10**
**Ds. Attie Boshoff**
Kerklidmaatskap ís belangrik ............................................................... **12**
**Hannes Noëth**
Kerklosheid en kerkloosheid:
'n Sosiale krisis onder die Afrikaner ...................................................... **14**
**Dr. Anton Knoetze**
Het die kerk as instelling haar geloofwaardigheid verloor? ................ **16**
**Stories van hoop**
Johan en Reneé Janse van Rensburg .................................................. **18**
**Ds. Henning Dafel**
Moralistiese Terapeutiese Deïsme ........................................................ **20**

### Aktueel
Bybelwoordblok ........................................................................................ **9**
Gemeentenuus ........................................................................................ **22**
Antwoorde: Bybelwoordblok (Des. 2023/Jan. 2024, bl. 13) ................ **24**
Smeltoond: Lief vir ons transgender kind ...................... **binne agterblad**

### In die spore van gister met Pieter & Pieter
**Dr. Pieter Möller**
*Een Eeuw van Onrecht* (1) ................................................................. **26**

### Van karstoeltjie tot bestuurder
**Hannekie Verwoerd**
Agt teen vyf ............................................................................................ **27**

**VOORBLAD:**
'n Visuele voorstelling van die noodwendige uiteinde wanneer 'n samelewing so verwêrelds dat dit in Goddeloosheid eindig.

**REDAKSIE**
**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss
**Subredakteur**
Mev. C Möller
**Redaksielede**
Di. RK Combrink,
HJ Dafel, A Hough
**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za
**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Eers wandel jy, dan staan jy en uiteindelik sit jy!

**Ds. Schalk Strauss**

Ons skop 2024 af met 'n tema wat tydens ons 2023-meningspeiling deur een van die respondente voorgestel is: "Kerklos, kerkloos, Goddeloos". Dit beskryf iets van die geestelike agteruitgang en verval wat daar onder baie gelowiges, in besonder Afrikaners, ingetree het – 'n soort stap-staan-sit-"progressie" waarvolgens Christelike samelewings stadig maar seker sekulariseer (verwêrelds).

Psalm 1 begin met 'n soortgelyke beskrywing van die gevaar wanneer gelowiges met die Goddelose wêreld flankeer. Eers "wandel" hulle net in die raadsplanne van die Goddeloses. Kort voor lank "staan" hulle op die pad van die sondaars. Uiteindelik "sit" hulle in die kring van die spotters. Dit is 'n kragtige beeld wat die gevare én gevolge van geestelike flirtasies met die wêreld uitbeeld. Flankering is 'n gevaarlike speletjie, want iewers gaan jy oor die tou trap en as jy dit eers een keer gedoen het, raak dit ál makliker, ál meer gewaagd en uiteindelik ál meer permanent!

Gelowiges én die kerk moet van hierdie gevare en gevolge kennis neem en 'n Skrifgefundeerde teenoffensief, gewortel in die heerskappy en oorwinning van Christus, loods.

## 'n Kerklosse wandel

Hedendaagse samelewings lyk gans anders as 'n paar dekades gelede. Tóé is kerke in die middel van die dorp gebou, wat iets simboliseer van hoe Christenskap en kerkwees toe benader is. Dit was die spilpunt waarom alles gedraai het, wat hul daaglikse aktiwiteite en optrede beïnvloed en bepaal het en wat die week se aktiwiteite feestelik in erkentlikheid voor die aangesig van God begin het.

Ry jy vandag deur dieselfde dorpies, staan die kerk dalk nog op dieselfde plek, maar haar plek in die samelewing is sy kwyt. Sondag se oop kerkdeure moes plek maak vir Sondag se oop winkeldeure. Die Oude Kerk in Amsterdam is in 'n sin 'n toonbeeld van die kerk se plek en rol in die moderne Westerse samelewing. Hierdie 13de eeuse gebou staan vandag midde 'n "rooiligdistrik", aan alle kante deur bordele omring. Dit is in vele opsigte niks meer as 'n historiese gedenkwaardigheid nie.

Hierdie verandering het stelselmatig plaasgevind namate Christene in die raad van die Goddeloses begin wandel het. Die "raad" van modernistiese en postmodernistiese denke, is al hoe slaafser nagevolg. Liberale ideologiese denkwyses het Christusgefundeerde universiteite gekaap. Die individu met sy regte, behoeftes en begeertes is al hoe meer op die voorgrond gestoot en ons is oortuig dat waarheid eintlik maar relatief is – 'n saak van eie voorkeur. Onwrikbare geloof in die bonatuurlike werklikheid van 'n almagtige, soewereine God word toenemend uitgedaag. Godsdiens het verander van aanbiddingsbedrywigheid tot blote kultuuraktiwiteit. Die kerk as instelling en die Woord as gesagsbron, moes begin kompeteer met die "raad van die Goddeloses" – toenemend beskou as eweknie vir die ewige Wysheid. Dié Baas is nou net *'n* baas.

Dit is hierdie veranderings wat nominale Christenskap stimuleer. In sekere lande is die Christelike godsdiens nog staatsgodsdiens en identifiseer baie as Christene bloot vir die voordeel daarvan. In lande soos Suid-Afrika en spesifiek onder die Afrikaner, het nominale Christenskap ook toegeneem. Mense is nog in naam Christene, maar in die praktyk staan hulle al hoe losser van die kerk. Die kerk dien grootliks net 'n funksionele doel: vir doop, troues, begrafnisse en gratis beraders. Kerklosses erken nie meer die gesag van die kerk (en dus die gesag van Christus) nie. Verbruikersmentaliteit swaai septer en lojaliteit aan die kerk is afhanklik van wat die kerk kan bied.

Hierdie kerklosheid is die eerste tree na kerkloosheid.

## 'n Kerklose staan

Hoe meer gewaagd Christene se flankeerdery met die wêreld raak, hoe gemakliker raak hulle met die raad van die Goddeloses. Hoe meer daar in die raad van die Goddeloses gewandel word, hoe makliker word dit om op "die weg van die sondaars" te "staan" en op hierdie "alternatiewe roete" te talm.

Volgens navorsing wat in 2021 deur die Pew Research Center (PRC) gedoen is, het Protestantse Christene in die VSA met sowat 12% afgeneem.[1] Die Rooms-Katolieke deel van die bevolking het redelik konstant gebly met 'n geringe afname van 3% tot 21% van die totale bevolking. Volgens die PRC se 2018-navorsing[2] het 91% van Wes-Europeërs as Christene geïdentifiseer, al onderskryf hulle nie noodwendig Bybelse leringe nie en al gaan hulle selde kerk toe. Slegs 22% het aangedui dat hulle maandeliks of meer 'n erediens bywoon.

Hoewel sodanige volledige statistiek nie vir Suid-Afrika en spesifiek die Afrikaner beskikbaar is nie, het die 2016-sensusopname tog getoon dat meer as 80% Suid-Afrikaners hulleself as Christene beskou.[3] Hiervan identifiseer slegs sowat 4% as Calviniste. Kyk 'n mens net na die afname in lidmaattalle by gereformeerde Afrikaanse kerke, is dit duidelik dat die 80% Christene in Suid-Afrika nie noodwendig 80% van elke bevolkingsgroep uitmaak nie. Dit laat 'n mens kop krap, want dit lyk asof die werklikheid die syfers weerspreek. Christenskap het 'n bepaalde individuele karakter gekry waaraan elkeen 'n eie definisie gee en self besluit hoe die praktyk daarvan lyk.

Stadig maar seker gaan kerklosheid oor tot kerkloosheid en uiteindelik stort so 'n samelewing oor die afgrond van Goddeloosheid. Die kerk word 'n bouval en die omgewing (samelewing) 'n Godverlate woestynlandskap (vgl. voorblad).

## 'n Goddelose sit

Volgens die 2021-navorsing deur die PRC, is die groep bekend as "nones"[4] aan die toeneem. Dit is waarskynlik 'n tendens onder baie meer Westerse volke – ook Afrikaners. Mense wil geestelik wees, maar nie noodwendig godsdienstig nie.

Wyle dr. Tim Keller het by geleentheid 'n insiggewende opmerking hieroor gemaak.[5] Hy was van mening dat die verskuiwing in kulturele druk die samelewing nou sy ware kleure laat wys. Volgens hom was daar in die verlede 'n groot groep mense in die "modderige middelgrond" – die nominale Christene. Toe is hulle as deel van die toegewyde Christene gereken, maar namate daar 'n verskuiwing in die samelewing plaasgevind en mense gemaklik begin raak het om "in die kring van die spotters te sit", is hierdie groep se maskerade ontbloot. Keller meen dus dat die "nones" nie noodwendig aan die toeneem is nie, maar dat nominale Christene hulleself nou eerder as "nones" sal beskryf.

Hoe ver ons van hierdie afgrond af is en hoe baie van ons al gerieflik in die kring van die spotters sit, is 'n vraag vir onsself én vir die kerk – en dit vra 'n Skrifgefundeerde antwoord.

## Die Deuteronómium-alternatief

Dit is moeilik om Psalm 1:1 te lees sonder om dadelik aan die alternatief van Deuteronómium 6 te dink. Hy vermaan die volk om die wet van die Here in hul harte te bewaar. Wanneer hy skryf hoe dit gedoen moet word, is dit interessant dat hy dit aan dieselfde aksies koppel as wat in Psalm 1 gebruik word: *... en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis <u>sit</u> en as jy <u>op pad</u> is en as jy gaan lê en as jy <u>opstaan</u>* (Deut. 6:7). Nes Moses, stel Psalm 1 "behae in die wet van die Here" as alternatief.

Met die oog gerig op die Oorwinnaar, moet die kerk opnuut die groot waarhede van die geloof bevestig en beklemtoon:

- Christus is Koning en Hoof, nie net van individuele gelowiges nie, maar van sy kerk (vgl. Efés. 1:22).
- Gelowiges is geroep om kérk te wees en nie slegs individuele gelowiges nie, want hulle is deel van die liggaam van Christus (vgl. 1 Kor. 12:12-31).
- Gelowiges is geroep om hulle fisies en nie net geestelik nie, by die kerk te voeg (vgl. Hand. 2:47).
- Dit is binne hierdie liggaam, as instituut (georganiseerd) en as organisme (op die markplein), waar Christus sy eer kry (vgl. Efés. 3:21).
- Die kerk is die plek waar nie net mý lig skyn nie, maar óns lig die wêreld verlig deur 'n alternatief vir die wêreldse samelewing te bied (vgl. Filip. 2:15).
- Lidmaatskap van die kerk van Christus skep historiese identiteit – dit bind gelowiges aan gelowiges oor die eeue heen, om te myn uit die rykdomme van hul nalatenskap.

Wanneer ons behae in die wet en die wil van God is, sal die kerk as instelling van God anders lyk én doen. Ons heiligheid sal in skrille kontras met die Goddeloosheid van die wêreld staan. Geloofwaardige heiligheid sal 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag wees. Dít is die leefwyse van hulle wat bekend is met die paaie en die weë van die Here; hulle wat die weg, die waarheid en die lewe gevind het.

1. https://pewrsr.ch/3SjllVx
2. https://pewrsr.ch/3tHZVsU
3. https://bit.ly/41W1PCP
4. Dit is mense wat hulself as ateïsties, agnosties of "niks in die besonder" beskryf.
5. https://bit.ly/3mKRQMo

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Paul Möller (Groblersdal) na Olifantshoek.
- Ds. Henning Dafel (Potgietersrus) na Frankfort.
- Ds. Markus Mattheus (Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg/Steynsburg) na Naboomspruit.

### Beroepe bedank

- Ds. Ruan Combrink (Orania) na Naboomspruit.
- Ds. Pieter Malan (Marble Hall) na Naboomspruit.
- Ds. Jan Brink (Grootfontein/Outjo) na Frankfort.
- Ds. Henning Dafel (Potgietersrus) na Frankfort.

### Beroepe aanvaar

- Ds. Paul Möller (Groblersdal) na Olifantshoek.
- Ds. Markus Mattheus (Barkly-Oos/Tarkastad/Stormberg/Steynsburg) na Naboomspruit.

## LERAAR OORLEDE

Ds. George Botha is op 7 Januarie 2024 oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke nabyheid van die Here toe.

## PROPONENT BEROEPBAAR



Die Kuratorium het mnr. Dawid Nel op 3 September 2023 weer as proponent gelegitimeer. Hy is beroepbaar tot 9 Maart 2024. Dawid is die eerste gehoor- en siggestremde persoon wat binne die AP Kerk gelegitimeer is.

## ADRESVERANDERINGE

**AP Kerk Kleinfontein:** Voorsitter: Rian Genis, sel: 082 492 4496, e-pos: rian@gloedland.co.za; Saakgelastigde: Gys Janse van Rensburg sel: 076 3070 443, e-pos: rekenmeester@apk.co.za

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Maart 2024** | 12 Januarie | 23 Februarie |
| **April 2024** | 15 Februarie | 25 Maart |
| **Mei 2024** | 6 Maart | 25 April |
| **Junie 2024** | 16 April | 27 Mei |
| **Julie/Augustus 2024** | 16 Mei | 25 Junie |
| **September 2024** | 11 Julie | 26 Augustus |
| **Oktober 2024** | 13 Augustus | 26 September |
| **November 2024** | 12 September | 24 Oktober |
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

## Inskrywing 2024 – Elektronies

Om elektronies op *Die Boodskapper* in te teken, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za en ontvang die nuutste uitgawe interaktief en in volkleur teen R170 per jaar. Lees vorige uitgawes van *Die Boodskapper* aanlyn by: www.apk.co.za/tydskrifte/

## Advertensietariewe 2024

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R220 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R590 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 250 | R2 700 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 150 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 450 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 350 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 450 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 700 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R7 800 |
| *50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.* | | | |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| **1 Januarie** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **29 Maart*** | Goeie Vrydag |
| **1 April*** | Gesinsdag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Mei** | Hemelvaart |
| **19 Mei** | Pinksterfees |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **17 Junie*** | Openbare vakansiedag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **27 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# God se genade oorwin ons afvalligheid

**Ds. Jannie Bisschoff**[1]

**Skriflesing:** Rigt. 2:6-23 • **Fokusteks:** Rigt. 2:10-12 • **Sing:** Ps. 9:1, 7, 8

## Inleiding

Kerklos, kerkloos, Goddeloos – 'n tendens wat dikwels onder hedendaagse mense voorkom. Ons sien hoe mense eers los van die kerk raak: hulle woon nie meer gereeld die erediens by nie; hulle is onbetrokke by kerklike aktiwiteite. Later is hulle kerkloos: hulle is nie meer deel van 'n kerk nie. En dan ... Goddeloosheid. Hierdie afwaartse spiraal sien ons al in die tyd van die rigters. Reeds in Rigters 2 begin God se volk al ander gode dien. Omdat dit vir ons ook 'n werklike gevaar is, moet ons aan die hand van die teksgedeelte na die hart van afvalligheid, die gevolge daarvan en die oorwinning daaroor kyk.

## Die hart van afvalligheid

In Rigters 2 word die paadjie van afvalligheid baie duidelik uitgestip. Tot hier is die geskiedenis goed bekend: God red sy volk uit Egipte, sluit met hulle 'n verbond by Sinai en lei hulle tot by die grens van die Beloofde Land – alles te midde van groot wonders voor hul oë. Toe tien van die twaalf verspieders oordeel dat die volke van die land te sterk is om te onderwerp, kom Israel in opstand teen God. As straf swerf hulle 40 jaar in die woestyn totdat die opstandiges uitgesterf het. So gebruik God 'n nuwe geslag om die Beloofde Land onder Josua se leiding in te neem. Maar dan sterf Josua en die ander mense wat God se groot dade in die woestyn persoonlik ervaar het. 'n Volgende geslag tree na vore wat *die Here en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie* (v. 10). Israel het die Here en sy groot dade vergeet.

Was dit die ouers se skuld; het hulle die Deuteronómium 6-opdrag versaak? Of moet die kerk die skuld kry? Die Leviete (die kerk in vandag se terme) moes volgens Deuteronómium 31 die wet van die Here gereeld aan die volk voorhou sodat die kinders ontsag vir die Here sou hê. Die afvallige geslag sou dus maklik kon sê: "Dit is ons ouers en die kerk se skuld dat ons die Here die rug gekeer het."

Kyk ons goed na die teks, is dit duidelik dat die Heilige Gees, wat die eintlike skrywer is, anders oordeel. Hoewel ouers én kerk 'n verantwoordelikheid het, kan die skuld vir eie afvalligheid nie voor iemand anders se deur gelê word nie – die aanklag rus op eie skouers. Wanneer ons lees dat hulle die Here en sy werke nie geken het nie, beteken dit nie dat hulle niks van die groot dade van God geweet het nie. Nee! Hulle het die God van hul vaders en sy wonderdade nie meer érken nie – dit is moedswilligheid, nie onkunde nie. Daarom het hulle gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here (vgl. v. 11). Helaas! Hulle het *die Here, die God van hulle vaders, verlaat wat hulle uit Egipteland uitgelei het.*

**Hierdie sonde het soos 'n kanker in hul lewens versprei: hulle het *nog erger as hulle vaders gehandel deur agter ander gode aan te loop ... hulle het niks laat vaar ... van hulle hardnekkige wandel nie* (v. 19).**

Die volk was vasgevang in die spiraal van verval. Wantroue en kleingeloof lei tot kerklosheid wat oorgaan in kerkloosheid. En dan Goddeloosheid – as afgode bo God verkies word en daar nie meer sprake van ware godsdiens is nie. Dit is vandag nog die hart van afvalligheid: 'n Moedswillige keuse

om God te vervang met 'n afgod waarop jy volkome fokus: werk, geld, stokperdjies, gesondheid, noem maar op.

### Die gevolge van afvalligheid

God is nie blind vir sulke optrede nie – Hy word toornig op sy volk weens hul afgodediens (vgl. v. 14, 20). Wanneer ons lees van God se toorn of woede, laat dit ons terugdeins. Hoe kan God sulke "emosies" toon, want is woede dan nie sonde nie? Daarom lees ons sulke tekste "mis" of probeer dit wegredeneer, dat dit bloot 'n menslike manier is om na God te verwys – Hy word mos nie regtig kwaad nie! Rigters 2 sê egter duidelik dat God toornig was; nie oor sy vyande nie, maar oor sy eie volk. Hoe moet ons dit verstaan?

God se "tydelike" toorn word gedryf deur sy liefde vir sondaars, omdat Hy ons van sy ewige toorn wil bewaar. Die God wat ons in die Bybel ontmoet, veral soos Hy Homself in Jesus Christus aan ons geopenbaar het, is 'n God met volmaakte emosies, wat nie deur sonde, soos ons s'n, vertroebel word nie. Daarom moet ons weet dat God se woede nie sonder oorsaak is nie. Dit is die gevolg van Israel se afvalligheid. Om die HERE te verlaat, is nie 'n foutjie wat maklik verskoon kan word nie. Dit is doelbewuste vertrouensbreuk: Soos 'n ouer wie se kind hom verwerp of soos 'n man wie se vrou hom vir 'n ander verlaat. Die HERE se toorn is dus geregverdig en heeltemal in ooreenstemming met wat Hy gesê het. Deur Moses en deur Josua het Hy Israel oor die uiteinde van hul afgodediens gewaarsku. Daarom het God hulle uitgelewer aan hul vyande om so sy getrouheid en liefde vir hulle te bewys. Én hulle moes besef dat hulle afgedwaal het.

Ons maak 'n fout as ons God se toorn teen sy liefde probeer afspeel. Woede is nie altyd die teenoorgestelde van liefde nie; dit kan ook die gevolg daarvan wees. God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy Seun aan 'n kruis laat sterf het om mense te red. Dit is tog heeltemal te verstane dat Hy toornig word wanneer sy liefde en genade verwerp word; dat Hy elke moedswillige sondaar in die hel sal werp as gevolg van sy afvalligheid.

### Die oorwinning oor afvalligheid

Die God wat sondaars aan hul vyande uitlewer en selfs in die hel werp omdat hulle dit deur en deur verdien, is terselfdertyd die Een wat sondaars ook sonder verdienste weer optel. Wat 'n onbegryplike wonder! Dit loop soos 'n goue draad deur die Bybel. Ten spyte van Israel se volgehoue afvalligheid wek God rigters op om Israel van hul vyande te red. Die enigste rede daarvoor is God se medelye of deernis (v. 18). Israel se gekerm was nóg opregte bekering, nóg egte berou; dit was net 'n gekreun onder die gevolge van hul sonde. Maar God se hart word geroer deur die ellende van sy volk en daarom stuur die HERE die een rigter ná die ander.

Juis hierin sien ons dat nie een van hierdie rigters volkome en blywende verlossing kon bewerk nie. Telkens wanneer 'n rigter te sterwe kom, het die volk weer in sonde verval. Verder was die rigters self ook sondige mense. Dink maar aan Gídeon se afgodsbeeld en al Simson se oortredinge. God het sy mense op die proef gestel (v. 22), maar hulle het die toets telkens gedruip.

**Daarom die nood aan 'n rigter wat die toets kon slaag. Een wat God en sy werke ten volle geken en Hom van harte gedien en liefgehad het.**

**Een wat sondeloos was en tog die toorn van God op Homself geneem het, terwyl Hy ter wille van ons oortredinge deurboor en ter wille van ons ongeregtighede verbrysel is (vgl. Jes. 53:5).**

God self het daardie Rigter verwek toe sy Seun in die volheid van die tyd uit 'n maagd gebore is, volkome sondeloos geleef en eindelik aan 'n kruis gesterf het. Daar het Hy God se liefde kom toon deur die prys vir ons sondes te betaal. Hy het ook uit die dood opgestaan om die sonde en die dood te oorwin sodat ons wat in Hom glo, eindelik vir ewig by God kan wees.

### Slot

Op grond van Christus se oorwinning is daar hoop vir elkeen wat kerklos, kerkloos én Goddeloos is. Ons vervang vertroue op en geloof in God tog so maklik met ons eie versinsels. Volharding hierin loop uit op God se ewige toorn. Sy geliefde Seun, Jesus Christus, het ons van sy ewige toorn verlos. Kom, laat ons elke dag opnuut die wonder van God se genade aangryp sodat ons sy verbondstrou altyd onthou. Kom, laat ons met nuwe moed, geloof en volharding in die oorwinning van Jesus Christus leef! ☺

1. Leraar van die AP Kerk Gordonia, voorsitter van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) en skrywer van die Bybelkinderboek, *Die avonture van ApPelKie die muis*. Aanlyn beskikbaar by: https://bit.ly/47GkZi6



# Die Afrikaanse Protestantse kerkverband: Kerke met 'n feestelike toekomsblik

**Ds. Johan Schütte**[1]

**Optimisme is iets wat jy verloor wanneer jou oë nie meer op God gerig is nie, maar wegdwaal na alles rondom jou. Dit wil lyk asof baie Afrikaners in hierdie strik getrap het en 'n mens kan ook verstaan hoe dit gebeur. Wie kon immers 36 jaar gelede raai presies hoe 2024 sou lyk?**

O ja, daar was sekere logiese gevolge waarteen gewaarsku is, maar niemand wou luister nie en nou sit ons met die gebakte pere. Maar watter wildste drome sou kon dink dat 'n heidense owerheid die laaste sê sou hê of iemand gesond genoeg is om 'n erediens by te woon? Of dat mense gaan stry dat daar meer geslagte is as die twee wat God geskape het?

## Ons mooie erfenis

Die kerk van Christus hét antwoorde op al hierdie vrae en kwessies. In 1987 het die Here die Afrikaanse Protestantse kerkverband tot stand laat kom juis om vanuit die Skrif antwoorde te bied op die kwessies van daardie tyd. Op die voetspoor van ons voorouers se optrede toe, het ons nou die verantwoordelikheid om hedendaagse kwessies vanuit die Skrif, en in getrouheid aan ons belydenis, trompop te hanteer. Terwyl talle kerke daaraan meedoen om Christus en sy kerk te onttroon, is dit ons roeping om Christus en sy kerk weer die middelpunt van elke dorp en woonbuurt te maak. Ja, Christus én sy kerk, want die Hoof staan nie los van sy liggaam nie.

**Ons moet vanuit die puinhope 'n stad van God opbou – ons het dieselfde roeping as ons voorouers van 36 jaar gelede, want ons dien die Here wat getrou bly van geslag tot geslag.**

Ek onthou daardie eerste jare in die nuwe kerkverband baie goed. Ek dink met heimwee aan elke gemeente-ete, elke soet-en-sout-bordjie wat tydens getroue maandelikse wyksbidure met mekaar gedeel is. Dit was 'n tyd van dinamiese leiers. Kerkraadslede het oral in die gemeenskap leiding geneem. Daar was parlementslede, burgemeesters, stadsraadslede, volks- en kultuurleiers. Mense wat die leiding geneem het gedurende die herdenking van Groot Trek 150 en werklik die wa deur die drif probeer trek het midde die uitdagende tye. Die Here het aan ons 'n ervare leraarskorps gestuur; nie net ryk aan bedieningservaring nie, maar ook uitstaande met uitnemende akademiese prestasies. Terwyl daar die afgelope paar jaar gestoei word om nuwe verbondsonderrigboeke beskikbaar te stel, groei waardering vir hulle wat die eerste reeks inderhaas gereed moes hê.

Ek het inderdaad groot waardering vir ons voorgangers. Deur hul arbeid het ons Here 'n bolwerk in plek gestel om die uitdagings van ons tyd die hoof te bied. Danksy hul visie pluk ons vandag "nakroosvrugte" in die bestaan van die AP Akademie en Lig in Duisternis Uitgewers.

Terwyl talle van die gevare waarteen hulle gewaarsku het deel van ons alledaagse lewe geword het, is dit nou ons roeping om ons hedendaagse bedreigings die hoof te bied. Daar is 'n paar gevegslinies waar ons op die voorgrond standpunt sal moet inneem. Die gevaar is dat ons te bang sal wees en eerder rustig in ons eie klein hoekie sal wil "kerk"-speel.

## 'n Kultuur gebou op die Woord

Ons moet ook bewus wees van die gevaar van individualisme, wat

vergeet dat God verbondsmatig werk om die hele wêreld te verander. Ons antwoord saam met Christus op hierdie duiwelse verleidings:

> ***Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan* (Mt. 4:4).**

Die Woord van God het altyd die laaste sê. Dit staan teenoor alle aardse magte. Dit is die Woord wat die duiwel se mond snoer en dooies opwek. Dit is vanuit die Woord wat Christus oor sy kerk deur middel van sy ampsdraers regeer; nie deur valse owerheidspriesters wat die kerk wil beheer nie. Teenoor die sekulêre strewe na 'n kultuur waar mense al hoe meer kerklos, kerkloos en Goddeloos raak, gaan ons 'n alternatiewe kultuur skep – een waar die Woord van God die norm vir elke aspek van ons samelewing is, want God regeer oor elke vierkante sentimeter daarvan.

Hierdie Woord klink vreemd vir 'n geslag wat grootword met die idee dat jou hart en gevoel jou kompas in die lewe moet wees en dat niks belangriker is as dit wat jy dink aan jou vreugde gee nie. Daarom moet ons doelbewus daarop fokus om predikers te wees wat die Woord waarlik toepaslik verkondig. Deur 'n herontdekking van wat die Nederlanders "bevindelike prediking" noem, moet mense kennis maak met leraars wat die suiwerheid van die Woord respekteer en die logiese gang van die verlossingsgeskiedenis konkreet en op meevoerende wyse op hedendaagse vraagstukke toepas. Ons wil leraars wees en ook oplei wat ons nie skaam vir die Woord en ons roeping nie.

Deur die Here se beskikking is die AP Akademie (APA) opgerig en gevestig om hierdie taak by uitnemendheid te kan verrig. Nou bid ons dat die Here vir ons die studente sal stuur. Waar behoudende gelowiges vanuit verskillende kerkverbande al hoe meer met mekaar begin bande opneem, is hul gemeenskaplike behoefte aan betroubare teologiese opleiding die een wat, tot talle se verbasing en beskaming, die beste deur die APA beantwoord word – sy teologiese kurrikulum is die vlagskip van teologiese opleiding in Suid-Afrika. Moedig jong manne vanuit die gemeente en ook vanuit die gemeenskap aan om vir hierdie kursus aan te meld. Ons kort, buite mate, geroepenes om die kerk van Christus weer die swaartepunt in ons samelewing te laat word in getrouheid aan die belydenis van 2 Korinthiërs 2:15, om waarlik *'n aangename geur van Christus tot eer van God te wees.*

## 'n Kultuur van feestelike gasvryheid

Die beginjare van talle gemeentes is gekenmerk deur geurige gemeente-etes en 'n onderlinge gemeenskap van gelowiges wat mense innig saamgebind het. Die geur van gasvryheid en vriendelikheid moet een van die kenmerkende eienskappe van ons alternatiewe kultuur wees.

> **Ons geur wat afgesmeer het, moet ander daarna soveel beter laat ruik. Dit beteken dat ons doelbewus daarop moet fokus om mense wat tans buite die kerk is, bloot te stel aan 'n kultuur van vriendskap, eet, kuier – wat die genieting van God se oorvloedige seëninge is. As ons die wêreld wil verander, gaan ons meer skottelgoed moet was!**

In 'n sekulariserende wêreld van individualisme is die kennismaking met ware Christelike gasvryheid 'n oorweldigende ervaring. Dit laat mense na meer daarvan smag, want Christelike gasvryheid versprei die geur van lewe waarna almal reikhalsend smag.

Hierdie geur van lewe word deur 'n kultuur van feestelikheid versprei. Die Here wou nog altyd hê dat sy volk 'n feesvierende volk moet wees. Van al die mense op aarde het die kerk van Christus die grootste rede om fees te vier. Vanuit ons nagmaalsviering leer ons om feestelik te leef en op hierdie manier is ons besig om vir die samelewing iets te wys van die feesmaal wat die Vader vir ons voorberei. Om 'n biefstukbraai vir die feestelikheid daarvan te hou, versprei 'n heeltemal ander geur as om dit vir 'n fondsinsameling te doen. Fondsinsamelings het talle kerke se feestelikheid gesteel. Waar feestelikheid herontdek en werklik uitgeleef word, gaan fondsinsamelings ook nie meer nodig wees nie. Die vreugdevure brand feestelik en spontaan hoog by diegene wat ontdek dat hulle soos brandhout uit die vuur gered is.

## 'n Kultuur gebou op ons gereformeerde erfenis

Hierdie verkondiging van die Woord en feestelike gasvryheid

1. Direkteur van Kerkadministrasie en dosent in Ekklesiologie aan die APA.

moet ook gepaardgaan en verryk word deur die teologiese oortuiging van ons gereformeerde erfenis. Vir ons is teologie die toepassing van God se Woord op al die terreine van ons lewens. Dit is juis ons gereformeerde erfenis wat ons die laaste 36 jaar as kerkverband aan mekaar gebind het. Die vrug daarvan is dat ons nou kan sien hoe kleinkinders hierdie kosbare erfenis geniet. Ons leef immers met die hoop van God se seëninge tot in die duisendste nageslag.

Ons moet die rykdom van ons gereformeerde erfenis voortdurend bevestig soos wat ons hoopvol en optimisties lewe vanuit ons fokus op God, terwyl ons in die Woord as die rigsnoer vir ons ganse lewe geanker is. Ons moet die verbondsmatige aard van God se werk voortdurend onthou en bedink. Dit is deel van ons verantwoordelikheid teenoor ons kinders en kleinkinders. Deur verbondsgehoorsaamheid van geslag tot geslag is die koninkryk van Christus al hoe meer besig om te kom. Ons bid dat verbondskinders leiers sal word wat getrou sal wees aan elkeen se eie roeping; dat hulle waarlik sout en lig sal wees. Dat hulle ook biddend sal lewe:

> *... laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*

Ons wil hulle toerus om die stryd teen die Bose aan te knoop met die vaste wete dat hulle deel is van die oorwinning wat Christus behaal het. Juis daarom kan hulle vrolik en uitbundig wees, terwyl hulle feestelik lewe.

## ’n Kultuur gevorm deur ons liturgie

Hierdie feestelike lewe van geslag tot geslag word gevorm deur ons weeklikse eredienste en die kosbare liturgie wat die Here aan ons toevertrou het. Ons kerke word nie primêr gebou deur ons kerkordelike besluite, ons ampsdrag of ons eie liefhebberye nie, maar deur elke week se ontmoeting met die lewende God. Daar waar Hy sy verbond met ons keer op keer kom herbevestig en ons vernuwe word tot ’n hartlike vreugde in God, deur Christus, en ’n lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe. Daarom moet ons by mense ’n liturgiese waardering kweek. Aan die hand van die kerklike jaar kan meer gemaak word van feestelike geleenthede. Op hierdie manier skep ons nuwe ritmes wat ook ’n nuwe ritme binne ons samelewing bring. En so bou ons aan ’n alternatiewe kultuur – ’n feestelike, Christusgesentreerde kultuur.

## ’n Kultuur van profetiese stemme

Dit is duidelik dat die stem van die AP kerkverband nie net na binne gerig is nie. Ja, ons praat met onsself. Ons voed ons kinders op in die vrese van die Here. Tog verkondig ons ook ’n boodskap na buite, aan die ganse wêreld. Ons roep nie “vrede, vrede” as daar geen vrede is nie. Ons maak allermins vrede met die sonde. Ons weier om dit wat goed en mooi is, boos te noem. Of om dit wat boos is, goed en mooi te wil noem. In die komende jare gaan ons uitdagings al hoe groter word. Ons gaan beproef word. Gaan ons die toets slaag? Gaan ons die vyand se mond snoer? Gaan ons deur die band van die geloof waarmee die Heilige Gees ons aan mekaar gesmee het, die stryd van ons tyd aanknoop? Ons moet! Waagmoed, durf en daad word oor geslagte heen in ’n smeltkroes gesmee en ons is sodanige smeltkroesproduk. Elke gemeente en elke gelowige moet sy profetiese stem laat hoor oor elke poging om die eer van God aan te tas of om ons geloof te probeer reguleer.

**Ons skep ’n alternatiewe kultuur waar elke huisgesin ’n weerspieëling is van die komende heerlikheid en glorie van die hemelse Jerusalem; waar ouers uit genade ’n volgende geslag opvoed om stryders vir die koninkryk van Christus te wees, terwyl daar gebou word aan huise en omgewings wat die skoonheid van God se heerskappy in alles vertoon. As ons getrou is aan die Here, lê daar ’n feestelike blomtydperk vir die AP kerkverband voor.**


Ons is Christus se bruid. Hy het van die hemel na die aarde gekom om ons sy eiendom te maak. Hy het ons met sy bloed gekoop en vir ons lewens het Hy sy lewe gegee. Hy is besig om ons elke dag heiliger te maak. Hy het ons aan mekaar gebind om saam psalms en geestelike liedere te sing, om saam te eet, saam te getuig teen al die valse priesters van ons dag, om vanuit die puinhope die fondamente van vorige geslagte weer op te rig, as:

> *Herbouer*[s] *van gebreekte mure, hersteller*[s] *van paaie ...* (Jes. 58:12).

# GOD IS DIE SKEPPER VAN ALLES

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR
(LIDMAAT VAN DIE AP KERK MOSSELBAAI)

*Erkenning: Ds. Adam Boshoff, "Januarie," in Kerkjaarboek 2017, 336.*



**KODE-KOPKRAP:** Ontsyfer Dawid se woorde in Psalm 139

| 14 | 13 | 5 | 7 | 4 | 1 | 15 | 9 | 10 | 8 | 6 | 2 | 12 | 17 | 3 | 16 | 11 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | D | | G | | | | | | O | | | | | | |

## DWARS

1. Wonderbaarlik geskep (Ps. 139:15)
6. Om God se alwetenheid met die verstand te kan verstaan (Ps. 139:6)
8. God het hierdie kleiner lig spesifiek vir die nag toeberei (Ps. 8:4)
9. Waardevol, wonderlik (Ps. 139:17)
12. God is met jou paaie bekend (Ps. 139:3)
13. Tot stand gebring (Ps. 8:3)
16. In geringe mate (Ps. 8:6)
17. God se alwetenheid is verbasingswekkend, buitengewoon (Ps. 139:6)
19. Hulle trek deur die paaie van die see (Ps. 8:9)
20. Hy stel God soveel keer teleur, tog is hy waardevol in God se oë (Ps. 8:5)
22. Nie ons sit of orentkom is vir God onbekend nie (Ps. 139:2)
23. 'n Toestand sonder lig (Ps. 139:12)
25. Desperate weghardloop (Ps. 139:7)
26. God se prag en heerlikheid (Ps. 8:2)
31. God het die sterre gereedgemaak vir 'n bepaalde doel (Ps. 8:4)
32. 'n Geringe stand laer (Ps. 8:6)
33. Skelet van die fetus (Ps. 139:15)
34. Simbool van onderwerping (Ps. 8:7)
36. Skeppingshandeling daarmee uitgevoer (Ps. 8:4)
37. Ligte wat heers oor die nag (Ps. 8:4)
38. Om te ondersoek (Ps. 139:23)
39. God se Naam hier verheerlik (Ps. 8:2)

## AF

2. Afhanklike plaasdiere (Ps. 8:8)
3. Om 'n ereplek te verkry (Ps. 8:6)
4. Visse se roetes deur die see (Ps. 8:9)
5. Op hoogte wees (Ps. 139:23)
6. Die mens heers ook oor hulle (Ps. 8:8)
7. Die vlerke van die oggend (Ps. 139:9)
10. God bring hom tot stilwye (Ps. 8:3)
11. God betrag, besigtig (Ps. 139:3)
12. Moontlik 'n verkeerde pad (Ps. 139:24)
13. Dawid wil hiervan ontvlug (Ps. 139:7)
14. Buitengewoon magtig, sterk (Ps. 139:17)
15. Nie vir God onsigbaar nie (Ps. 139:15)
16. Hy word tot stilswye gebring (Ps. 8:3)
18. Om geestesarbeid te verrig (Ps. 8:5)
21. Vir God is hierdie duister soos die lig (Ps. 139:12)
24. Dit vertoon vir God soos lig (Ps. 139:11)
27. Hul besing God se Naam (Ps. 8:3)
28. Daarop het God majesteit gelê (Ps. 8:2)
29. Gadeslaan, besigtig (Ps. 8:4)
30. God se teenwoordigheid (Ps. 139:7)
31. Om voort te beweeg (Ps. 8:9)
34. Hulle vlieg langs die uitspansel (Ps. 8:9)
35. Agting, aansien (Ps. 8:6)
36. Woonplek van die wilde diere (Ps. 8:8)
37. Habitat van die visse (Ps. 8:9)



# Daar vir my Verlosser ... daar vir mekaar

**Gustav Opperman**[1]

Lees Lukas 15:11-32.
Dit was 1969 en Frank Sinatra se trefferlied, "My Way", het oral weerklink. Die refrein, "I did it my way", het ons baie goed gepas, want ons wou "anders" wees. Ons was die geslag wat alles "my way" wou doen; wat vry wou wees van konvensie, eentonige eenvormigheid, gesag. Ons wou "alternatief" wees.

## Stry vir vry!

Teen die middel 70's was almal toe alternatief met "bell bottoms" en toutjieshare. Maar steeds het die Westerse jeug in hul duisendtalle saam met Freddy Mercury gesing: "I want to break free". 'n Nuwe geslag het na vore gekom wat net so min vry was as die Elvis- of Beatles-geslagte voor hulle. Hulle het dieselfde gelyk, gedink, gepraat en was onder die invloed van iets buite, "groter" as hulleself. Daar was die massahisterie, die dwelm- en seksuele pandemies. Hulle was volgelinge van ikone, ghoeroes en baie het onder die invloed van kultusleiers soos Charles Manson en ander moord- en selfmoordpredikers gekom. Soos die verlore seun is vryheid opgeëis, wat miljoene vandag steeds doen. Elkeen het daardie vryheid gebruik om na 'n ver land te reis, om die erfenis te minag en te verkwis, om tussen die varke te beland. *Hy wat hom afskei* (sê Spreuke 18:1), *soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek.*

Vandag het die vry mens tot volle wasdom gegroei. Die kleintydtergrympie, "ek is ek en jy's my gek", het nou grootmensslagspreuk geword: Die "Me, Myself and I"-generasie is nou generasies. Hulle is die getatoeëerde skares wat wandel *in die verdwaasdheid van hulle gemoed,* soos die apostel Paulus hulle aan die Efésiërs beskryf (4:17). Hulle kom uit kerke, uit geloofsgemeenskappe wat soos in die Bybelse rigtertyd, wil doen *wat reg* [is] *in* [hul] *oë* (Rigt. 21:25). Geen aangestelde priester, geen gesalfde profeet, geen regter of rigter sal húlle vertel wat hulle moet dink of doen nie. Geen dominee of kerkraad, geen medebroeder of -suster hoef oor hul skouer te loer nie. As hulle na iemand sal luister, dan is dit na een wat hulle self uit die menigte van You Tube-predikers uitgesoek het. Predikers wat volgens hul eie begeerlikhede *hulle in hul gehoor* [sal streel] (2 Tim. 4:3). Een wat my deel laat voel van 'n uitverkore samelewingsgroep; wat my laat verstaan dat daar vir mý, voorspoed en gesondheid bestem is.

So speel Satan met ons woer-woer: die een oomblik wen hy ons op om te dink dat ons self God kan wees (vgl. Gén. 3), dat ons in beheer is en dat alles "my way" sal gebeur; die volgende oomblik vind ons onsself in sy kraal: *Soos skape word hulle bestem vir die doderyk; die dood is hulle herder* (Ps. 49:15). Sommige van die "doodsherder" se krale lyk baie aanloklik. Dit bied die mens 'n alternatiewe broederskap, 'n alternatiewe verbond.

## Wêreldse broederskap

In die negentigerjare van die vorige eeu het die stigters van die Europese Unie doelbewus aansluiting by die Bybelse toring van Babel gevind. Ons sien dit in die argitektuur van die Europese parlement. Die simboliek is duidelik: hulle sou 'n verenigde Europa bou. Die "Nuwe Europese Broederskap" sou weer 'n toring bou wat tot aan die hemel reik. Vandag sien ons daardie toring voor ons oë verkrummel. Vir die Suid-Afrikaner was dit die gedagte van 'n Ubuntu-gemeenskap, 'n reënboognasie waar "almal vir een en een vir almal" is. Nou en dan flikker hierdie ideaal weer op soos 'n vrekkerige kersligvlammetjie wanneer die nasie saam uit die Rugbywêreldbeker dronk word. Maar dan kom die stormwinde weer op; daardie "Winde van verandering" wat so meedoënloos oor Afrika se stofvlaktes waai.

Dan is daar die Vrymesselaars wat deur die eeue hul eie unieke broederskap oor alle volksgrense heen bied. 'n Broederskap waar

mans deur naastediens kan leer om beter mans te word, maar dit is 'n Christuslose broederskap: *Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood* (Spr. 14:12). En dit was presies die toestand van die verlore seun soos sy vader dit opgesom het: Hy was nie net verlore nie, hy was ook dood. Die broederskap is nie verkeerd nie. Die hele Skrif, die hele Bybel roep gelowiges op tot broederskap; om hulle by die vergadering van God se kinders te voeg; om hul plek in die Vaderhuis vol te staan; om die Christusverbond te bely.

## Bybelse broederskap

Hoor ons die woord "verbond", kom daar 'n hele paar ander woorde by ons op: verdrag, verbondenheid, verbintenis, ooreenkoms, kontrak. Daar kom ook verskillende gedagtes uit die Bybel na vore. God het met sy volk 'n verbond gesluit: elkeen individueel, maar ook gesamentlik. Dit is God wat in en deur Jesus Christus met sy volk in 'n verbondsverhouding staan. Dit is waaroor die menswording, die lyding, die dood, die opstanding, die hemelvaart en die wederkoms van Christus gaan. Dit is die essensie van die Apostoliese Belydenis wat ons elke week nasê. Ons sê ons staan in 'n verbondsverhouding met God – danksy Jesus Christus. Ons staan in 'n verbondsverhouding met mekaar – danksy Jesus Christus. Ons is 'n heilige, algemene, Christelike, kerk – 'n werklik alternatiewe broederskap.

*Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag*, vermaan die apostel Petrus die eerste bekeerdes met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2:40). Presies dit wat die Israeliete ook moes doen toe hulle uit Egipte getrek het. Tot in die boek Openbaring word gelowiges opgeroep *om uit te gaan*, om hulle uit Babilon te onttrek. Nie net om *haar plae* te ontsnap nie (Openb. 18:4), maar om 'n alternatiewe broederskap te vorm. Hulle laat hulself *opbou tot 'n geestelike huis*, soos die apostel skryf (1 Petr. 2:5).

Nou maak al die "mekaar"-tekste in die Nuwe Testament skielik sin: *Dit gebied Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê* (Joh. 15:17); *Wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde* (Rom. 12:10). En dan een spesiaal vir die twee verlore seuns van ons gelykenis (die een was 'n verbondsverbreker wat na 'n ver land gereis het, die ander 'n verbondshuigelaar wat nooit deel van die verbond was of wou wees nie). Daar is 'n teks vir beide: *Neem mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het* (Rom 15:7). Soos die vader albei sy seuns aanneem, so neem Christus ons aan om 'n alternatiewe gemeenskap te vorm. Die hele Nuwe Testament, trouens die hele Bybel, vertel die geskiedenis van 'n nuwe alternatiewe gemeenskap; mense gered *uit hierdie verkeerde geslag*. Mense wat, net soos die dele van die menslike liggaam, *goed saamgevoeg en saamverbind* is om die bruidsliggaam van die Here Jesus te vorm (Efés. 4:16).

## Broederskap ter wille van Jesus Christus

Die eerste verlore seun hét losbandig geleef. Alhoewel 'n mens nie te veel in hierdie gelykenis moet inlees nie, kon dit net wees dat daar nog 'n rede was waarom die jonger broer uit die verbondsgemeenskap wou padgee – om weg te kom van sy ouer, liefdelose huigelaarbroer. Die ouer broer is in die kerk, was nog altyd daar, maar wil nie eintlik daar wees nie. Hy wil saam met sy vriende wees; hy wil vrolik wees; hy soek eintlik sy eie alternatiewe gemeenskap. En so word al die liefdelose huigelaars in die kerk mý verskoning om nie meer kerk toe gaan nie.

Maar my verhouding met my vaderhuis is eerstens nie met die broers en susters wat ook in daardie huis is, of met die diensknegte, of met die ampsdraers nie. Dit gaan oor die vader. In hierdie gelykenis is Jesus Christus die Vader, die een wat *innig jammer* vir my gevoel het (vgl ook Mt. 14:14). Dit is die koorde van sy liefde wat my getrek het. Dit is Hy wat Homself van sy heerlikheid ontledig het om my in my sondetoestand tegemoet te hardloop. Ek omhels Hom en alles wat Hy vir my gedoen het, net soos Hy my omhels het toe my hare en my klere nog na varkmis gestink het. Ek omhels Hom wat my nuwe klere gegee het: die beste kleed, 'n ring vir my hand, skoene vir my voete.

Dit gaan oor die Verbondshoof; Hy wat al die bepalings van die verbond nagekom het. Ek verstaan "... dat Hy 'n eie volk vir Hom berei, 'n volk om Hom te dien en vrees en skape van sy wei te wees" (Ps. 100:2 – berymd). Ek erken dat ek deel van daardie broederskap is – 'n broederskap onder Jesus Christus.

1. Emeritusleraar in die Gereformeerde Kerk. Bedryf die YouTube-kanaal "Woorde uit sy Woning".



# Kerklidmaatskap ís belangrik

**Ds. Attie Boshoff**[1]

Kerklidmaatskap is ononderhandelbaar belangrik: dit is die Bybelse boodskap; dit is die boodskap van kerkvaders deur die eeue; dit is die boodskap van die gereformeerde belydenis. In artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) bely ons dat elke mens skuldig (verplig) is om hom by die ware kerk te voeg.

**"Ons glo – aangesien hierdie heilige gemeente en kudde 'n gemeente van gereddenes is en daarbuite geen saligheid is nie – dat niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, hom daaraan behoort te onttrek om selftevrede op sy eie te lewe nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig; om die eenheid van die kerk te bewaar; om hulself te onderwerp aan sy leer en tug; hul nek te buig onder die juk van Jesus Christus en, as lede van dieselfde liggaam, onderling diensbaar te wees deur die opbouing van die broeders soos God vir elkeen sy gawes verleen het ..."**

Kerklidmaatskap is nie 'n individuele saak nie. Ons lewe in die kerk in verbondenheid en afhanklikheid van mekaar.

Die postmoderne tyd waarin ons leef, word gekenmerk deur uiterste individualisme. Elkeen besluit self en doen wat reg is in sy eie oë (vgl. Spr. 12:15). Selfs gelowige mense word deur hierdie stroom meegesleur. Mense dink dit is om't ewe of jy in die kerk eredienste bywoon of by die huis na 'n diens kyk; of jy 'n lidmaat van 'n kerk is of 'n huisgemeente vorm.

In die Here se genadeverbond is mense op verskillende maniere aan mekaar verbind. Die beelde wat in die Skrif (en die belydenisskrifte) vir die kerk gebruik word, is nie geskoei op onverbondenheid nie maar op gemeenskaplikheid. Artikel 28 praat byvoorbeeld van die "heilige gemeente en kudde". Die gemeente is 'n kudde van gereddenes. Jy sal geredde mense nie buite die gemeente of die kudde verwag nie, want daarbuite is geen saligheid nie (vgl. NGB art. 28 op grond van o.a. Hand. 2:47, wat duidelik sê dat die Here die gereddenes by die gemeente gevoeg het). Niemand kan in selftevredenheid buite die kerk leef nie. Die geloofsbelydenis gee 'n paar goeie redes.

## 1 Om die eenheid van die kerk te bewaar

Die eenheid van die kerk lê tog nie op die vlak van individuele aanbidding nie. Gelowiges word in 'n eenheid saamgesnoer. Die eenheid van die kerk word nie deur mense tot stand gebring nie: dit is 'n kragtige geloofseenheid in Christus; dit is 'n eenheid in die lig van die Skrif. Die eenheid in die kerk is baie groter en meer omvangryk as wat 'n mens jou kan indink. Ons is oor die wêreld heen één met mense wat soos ons glo, wat saam met ons onder die Hoofskap van Christus staan.

Ons is in hierdie eenheid ook plaaslik in 'n gemeente aan mekaar verbind. Ons is nie alleen in die wêreld teen al die aanslae wat teen ons gemik is nie – ons kan staande bly in hierdie eenheid. Iets van die ou leuse van die ZAR is ook waar met betrekking tot kerkeenheid: "Eendragt maakt magt." Ons leef as gelowiges in die kerk in 'n magtige verbondenheid onder die Hoofskap van Christus.

## 2 Om jou aan die leer en tug van Christus te onderwerp

Elke mens wil graag sy eie heer en meester wees. Die postmodernisme het hierdie sondige selfsugtigheid ten volle aangegryp. Die postmodernis sê: "Ek laat my nie voorsê nie; ek besluit self. Weg met alle gesag, ook met die kerk en haar 'sê'!" Maar hoe kan jy van die juk van selfsug en eiebelang bevry word? In die woorde van die belydenis is dit deur jou te onderwerp aan die leer en tug van Christus.

Daar is vandag soveel dwaalleer. Elke groepie het ’n versie. Elkeen “begrond” sy siening of leer aan die hand van ’n Skrifaanhaling wat dikwels totaal buite konteks misbruik word. “Daar is geskrywe ...” sê hulle graag. Mense ken nie meer die Bybel nie; hulle kan ook nie soos Christus antwoord: “Daar is ook geskrywe ...” nie. In die kerk moet die volle Raad van God verkondig word. Op jou eie, of in klein groepies by iemand se huis, is dit baie maklik om troeteltekste tot op die letter te memoriseer en te gebruik. Voorkeur word aan sekere gedeeltes gegee en ander gedeeltes word eenvoudig weggepraat. In die kerk leer jy om jou eiesinnigheid prys te gee en jou te onderwerp aan die leer van Christus.

Daar is vandag soveel “base”. Elkeen wil die laaste sê hê. As jy op jou eie is, hoef jy voor niemand te buig nie en niemand se gesag te aanvaar nie. Niemand kan jou teregwys nie. Maar in die kerk word ons geleer om die tug van Christus en sy Woord te aanvaar. Jy aanvaar die dissipline van Christus. Hy is die hoogste gesag. In die Heidelbergse Kategismus bely ons dat die enigste troos van die lewe is dat ek nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, behoort (lees HK So. 1 v/a 1). Hy het alle mag in die hemel en op die aarde ontvang. In die kerk buig ons voor sy gesag en ons aanvaar sy tug (sy terugtrek na Hom toe). ’n Volmaakte Vader het sy Seun gestuur en sy Woord vir ons gegee. Hy beheer die gang van die geskiedenis. Daarom is dit tot ons beswil om sy gesag en tug te aanvaar.

## 3 Om voor Christus te buig en sy juk op te neem

Op die een of ander manier dra jy ’n juk (of ’n las). Jy dra die ondraaglike jukke wat jy jouself oplê of wat die wêreld jou oplê. Dit is jukke wat Satan ons oplê deur sonde. Hierdie jukke is swaar en ongenaakbaar. Dit dwing ons na die verderf. Ons kan net bevry word wanneer Christus die slawejuk van ons afhaal en met sy juk vervang. Ons ken die wonderlike, vertroostende woorde van ons Meester:

> ***Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig* (Mt. 11:28-30).**

Dit is ’n verlossing van jouself en ’n verbinding aan Christus en sy kerk.

## 4 Om diensbaar aan mekaar te wees

Een van die beste maniere om van selfsug bevry te word, is om diensbaar te wees. Dit vat die fokus van jouself af weg sodat jy ander mense se nood en behoeftes raaksien. Die Here voeg die gemeente soos ’n liggaam saam, met lede soos wat Hy dit wil en hierdie lede moet vir mekaar sorg dra. Niemand kan op sy eie troontjie sit wanneer hy diensbaar aan ander mense moet wees nie. So het ons Here Jesus Christus self die voorbeeld van diensbaarheid gestel. *As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was* (Joh. 13:14). Hy het ook die volgende geleer én gedoen:




## 5 Om mekaar op te bou met die gawes wat God gee

In die liggaam van Christus is elke ledemaat met gawes toebedeel sodat die lidmate gelyke sorg vir mekaar kan dra. Daar is ’n verskeidenheid van gawes, want daar is ’n verskeidenheid van behoeftes. In die kerk bring die Here die gawes en die behoeftes by mekaar uit.

Die kerk was deur die eeue heen ’n vesting wat die Here vir mense gegee het. Lidmaatskap van die kerk is ’n teken van afhanklikheid van en vertroue op die Here, want jou lewe is op Hom ingestel. Buite die kerk is jý koning: jy is in die sentrum en alles draai om jou eie behoeftes en begeertes; jy word met niks uitgedaag nie en jy doen niks buiten wat jy self besluit nie. Binne die kerk is Jesus Christus Koning! Daarom is die kerk die beste kuur vir die siekte van selfsug, vir ’n selfgesentreerde lewe, vir individualistiese aanbidding.

1. Leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos en voorsitter van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS).



# Kerklosheid en kerkloosheid: 'n Sosiale krisis onder die Afrikaner

**Hannes Noëth**[1]

**Kerklos en kerkloos: Is die Afrikaner nog die volk wat ons was? Is ons nog Godvresend en kerkgebonde? Hierdie artikel besin oor die kerklos- en kerkloosheid van die moderne Afrikaner.**

## Inleiding

Volgens oorlewering het die evangelis DL Moody geantwoord dat 'n mens wat buite die kerk van God staan, soos 'n kool is wat buite die vuur lê. Dit is nie dat jy nie hitte het nie; dit is net dat jy so gou hitte verloor. Vandag word die kerk van God gekonfronteer met 'n baie maklike, vinnige antwoord oor kerklike betrokkenheid: Ek is buite die kerk, maar nie los van God nie. Of anders omskryf: Ek is kerklos of kerkloos, maar nie Godlos, Godloos of Goddeloos nie.

Het die kerklos- en kerkloosheid van die Afrikaner 'n sosiale krisis geword? Die antwoord is waarskynlik eenvoudig en tog ook geweldig ingewikkeld. Dié wat in die kerk aktief meeleef en daarvan deel is, ís aktief en deel daarvan. Dié wat nie aktief meeleef nie, is nié deel daarvan nie: hulle is kerklos of kerkloos. Waar laat dit ons?

## Agtergrond

Die Afrikaner was oor die eeue bekend as volk wat in Gods Woord en in Gods kerk leef en woon en werk. Kerklike betrokkenheid was vanselfsprekend en 'n logiese gevolg van 'n gereformeerde belydenis in leer en lewe. Die laaste paar dekades is die tendens dat kerklike betrokkenheid afneem en mense makliker buite die kerk staan en roem op die bekende uitdrukking: Ja! vir God. Nee! vir die kerk.

Waarom is dit so? Die antwoord lê hoofsaaklik in twee groot antwoorde: kerklosheid en kerkloosheid.

## Kerklos teenoor kerkloos

Dit is uiters moeilik om te bepaal watter van hierdie twee begrippe die meeste uitdagings aan die kerk, as liggaam van Christus, bied. Die Woord van God is duidelik daaroor dat die kerk van Christus soos 'n liggaam funksioneer (vgl. 1 Kor. 12). Gelowige is die kerk, waar hulle ook al is. Tog het God dit so beskik dat sy kerk as gemeente vergader, bymekaargeroep en gestruktureer word. Beide hierdie begrippe is dus 'n uitdaging vir die kerk as liggaam van Christus.

> **Kerklos beteken dat gelowiges deel van die gemeente van Christus is, maar: Hulle is daar, maar hulle is ook nie daar nie.**

Hulle het los geraak van die gemeente, al is hul name op die lidmaatregister. Gemeentes verwys soms na sulke lidmate as "dooie hout". Hulle is daar op papier, maar ten opsigte van hul kerkwees beteken dit eintlik niks. Ná afloop van die COVID-19-pandemie het die patroon en tendens dat lidmate nie die kerk noodwendig los nie, maar ook nie meer deel van die gemeente is nie, veral toegeneem. Erediensbywoning en betrokkenheid is baie swak; diensbaarheid deur gawes en bydraes is ondergemiddeld. Ironies genoeg blyk dit dat kerklos lidmate dikwels die dienste van die kerk wil hê en gebruik, maar nie deel van haar opbou en groei wil wees nie. Byna soos om die gawes van die Gewer lief te hê, maar nie die Gewer self nie.

> **Kerkloos beteken dat mense hulle gewoon los maak van die kerk as struktuur.**

Dikwels is die beredenering dat hulle geestelik deel van die liggaam is, maar nie gestruktureerd binne die institusionele kerk wil wees nie. Dus kerkloos (sonder kerkverband), maar nie Goddeloos nie. Die Skrif ken

nie hierdie beredenering nie en eis van die gelowige om hom by die gemeente, as liggaam van Christus, te voeg.

**Jy het die kerk nodig en die kerk het jou nodig. Dit is hoe God dit wou hê (vgl. 1 Kor. 12:18).**

Gelowiges moet hulle by die gemeente voeg. Dit is in lyn met die vierde gebod en gehoorsaamheid aan God.

## Implikasies

Natuurlik veroorsaak kerklos- en kerkloosheid 'n sosiale krisis vir die Afrikaner. Die geslag wat kerklos raak se volgende geslag is meestal kerkloos; die geslag wat kerkloos is se volgende geslag is meestal Goddeloos. Daar is gewoon geen ander manier om in die verbond die verbondsgeslagte daarin te laat deel as ons kerklos en kerkloos oor die kerk van Christus dink nie. Daarom dat hierdie kerklos- en kerkloosheid waarskynlik die grootste krisis van ons tyd is. Die samelewing is bekommerd oor onderwys, maatskaplike en ekonomiese uitdagings, veiligheid (met reg!), maar miskien moet daar groter kommer wees oor die hoeveelheid volksgenote wat die laaste jare kerklos en kerkloos geraak het.

## Redes vir kerklos- en kerkloosheid

Die redes vir kerklos- en kerkloosheid is legio, maar om enkele voorbeelde te noem:

*Onkunde en 'n gebrek aan Skrifkennis*
Die vierde gebod is vreemd en onbekend en die Skrif is vreemd en onbekend. Daarom moet kerke hierdie saak aktief op die kerkraad se tafel plaas en aan evangelisasie aandag gee.

*Verbondsongehoorsaamheid*
Deuteronómium 6 word afgewater en verbondsouers neem nie verantwoordelikheid vir die kerklike betrokkenheid van die verbondsgesin nie. Verbondskinders se onkunde groei en onderskeidingsvermoë neem af, want die eis tot getroue erediensbywoning en kerklike betrokkenheid word verruil vir wêreldse "plig".

*Gemaksug en luiheid*
Dit is vir mense net te maklik om kerklos en dan kerkloos te raak. Daar is 'n rits "maklike" verskonings om kerklike verantwoordelikhede eenvoudig te omseil.

*Kerklike gebrokenheid*
Die kerk van Christus leef in 'n gebroke wêreld met gebroke kerkraadslede en gebroke lidmate. Sy is 'n strydende kerk. Deel van die stryd is die wêreld se gebrokenheid. Mense kry dikwels seer weens lidmate se onderlinge gedrag, ampsdraers se optrede, voorgangers se optrede jeens hulle as individue, as gesinne, as lidmate. Die kerk is nie volmaak nie en kerklike lidmaatskap beteken nie om sonder gebreke te wees nie. Tog moet gemeentes bedag wees om goeie bediening in te rig volgens God se Woord: voorgangers moet liefde betoon en moeite doen met herderlike versorging; ampsdraers moet hul ampte met Goddelike erns opneem.

*Persepsies*
Wat die kerk is en wat sy moet wees word dikwels deur lidmate verkeerd verstaan, juis omdat daar so baie persepsies bestaan oor wat die kerk is en wat sy behoort te wees.

*Kerklike afwesigheid*
Kerklos- en kerkloosheid neem ongelukkig ook toe omdat kerke dikwels ver en onbetrokke staan tot die vrae van die dag en die aktualiteit van die leefwêreld van lidmate. 'n Kerk wat in hierdie verband ver en koud staan, laat lidmate ontuis voel.

## Samevattend

Tot en met die wederkoms van Christus is die kerk van Christus strydend. Daarom moet gemeentes en lidmate erns maak met die kerklos- en kerkloosheid om ons heen. Gemeentes, as liggaam van Christus, binne God se struktuur vir kerkwees, moet die eenheid van Christus in sy kerk leef en laat leef. Hulle moet aktief meewerk om alle vorme van kerklos- en kerkloosheid teë te werk. Dit is 'n opdrag van God. In 'n stukkende wêreld moet die mens gelei word om te weet Christus gee ware rus en dat Hy dit deur sy kerk doen. Hoe doen Hy dit? Hy rig en onderhou sy kerk deur sondaarmense. Die tendens van kerklos- en kerkloosheid is aan die toeneem. Die kerk moet besin oor die eise van die tyd; sy moet Christusgerigte antwoorde afbid. Terselfdertyd moet die kerk God altyd meer gehoorsaam wees as mense – sy moet kerk van Christus bly. Daarom die bede dat God die kerk genadig mag wees wanneer kerklosheid en kerkloosheid dreig om ware kerkwees te vernietig.

1. Hoof van Solidariteit Helpende Hand.



# Het die kerk as instelling haar geloofwaardigheid verloor?

**Dr. Anton Knoetze**[1]

**Baie mense is tans vasgevang in wat 'n "individualistiese kultuuromgewing" genoem word. Die keuses wat hieroor gemaak word, vorm ons omgewing en die meeste mense besef nie hoe hierdie keuses ons kultuur verander nie.**

Dit is waarom soveel klem op elke persoon se uniekheid geplaas word en selfstandigheid en selfversekerdheid gedragskenmerke word. As gelowiges beleef ons dat die tydsgewrig ons eenheid en roeping drasties beïnvloed.

## Wanneer prioriteite skeefgetrek raak

Dit is egter nie die eerste keer dat die kerk hierdie uitdagings in die oë moet kyk nie. In Haggai se tyd moes die HERE sy volk hieroor aanspreek. Die boek Haggai is die tweede kortste boek in die Ou Testament, maar die boodskap is uiters aktueel. Die profeet moes die volk maan om "eerste dinge eerste" te stel. Dit was nie dat Israel dit nie geglo het nie, maar hulle het weggedryf na 'n lewenswyse waar hul optrede hierdie waarhede nie meer weerspieël het nie. Hulle het oënskynlik nog die regte ding gedoen, maar in werklikheid het hulle ander prioriteite nagestreef. Daarom dat God sy profeet stuur om sy mense te help om hul prioriteite in lyn te kry met wat dit behoort te wees.

Die historiese agtergrond hiervan is dat 'n oorblyfsel van ongeveer 50 000 Jode, onder bevel van Kores, in 536 v.C. terugkeer na Juda. Hulle herbou die altaar en herstel die offerdiens. Twee jaar later begin hulle om die tempel te herbou. Hul Samaritaanse bure bied hulp aan met die bouwerk maar toe die Jode die aanbod van die hand wys, word boodskappe na Persië gestuur en die werk kom tot stilstand. Ten minste 14 jaar verloop waartydens die mense vasgevang raak in die uitdagings van hul omstandighede. Hulle moes huise bou, kinders grootmaak, in hul lewensonderhoud voorsien. Tragies het hulle begin gewoond raak aan 'n lewe sonder die tempel en God se voorskrifte. Selfs hul leiers, Serubbábel die goewerneur, en Josua, die hoëpriester, het vrede gemaak met die omstandighede.

Haggai moes die volk dus oproep om te hoor dat God ware seën sal gee wanneer sy huis eerste gestel word. Of, soos Jesus dit gestel het:

> *... soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word* (Mt. 6:33).

Ons almal weet dit, maar ... Die kultuur en omstandighede van die dag laat ons ons eie voorspoed bo God se saak stel. As ons nie bewus gemaak word van ons verkeerde lewensingesteldheid nie, gebeur dit maklik dat ons vir ons eie agenda ywer en nie vir dit wat vir God belangrik is nie. Wat gebeur wanneer eie voorspoed bo God se huis gestel word?

Haggai se boodskap sal nie verstaan word nie as ons vergeet dat die mense met wie hy gepraat het, die moeilike verbintenis aangegaan het om hul gevestigde lewenswyse in Babilon te verlaat en die gevaarlike reis terug na die Beloofde Land aan te pak. Hulle het in Babilon gewerk en gewoon; daar is hulle gebore en daar was hulle gevestig. Tog het hulle goed geweet dat God se doel vir hulle die Beloofde Land ingesluit het. Daarom reageer hulle op die oproep om terug te keer. Hulle verbind hulself tot swaarkry om in 'n verwoeste land hervestig te word. Aanvanklik probeer hulle om die tempel te herbou, maar geleidelik verloor hulle hul visie en word in 'n leefstyl ingedryf waar God se huis nie meer prioriteit is nie.

## Sorge verduister ware kerkwees

As ons hulle kon vra waarom die tempel nie gebou is nie, sou hulle

sekerlik geantwoord het: "Moenie ons verkeerd verstaan nie; ons het niks teen die herbou van die tempel nie! Dit is 'n goeie saak. Maar die tydsberekening is net nie reg nie. Tye sal beter word en dán sal ons die tempel herbou! Eendag sal ons deur hierdie fase wees en dan sal ons weer by die kerk betrokke raak." Wie hierin vasgevang word, raak blind vir God se tugtigende hand.

Die mense in Haggai se dag hét probleme gehad ... Hulle het gesaai, maar droogtes het oeste verinneweer – jaar ná jaar. Uitkoms was daar net nie, dit maak nie saak hoe hard hulle probeer het nie. Dit was soos om geld in 'n sak met gate te sit (vgl. 1:6); teen die einde van die maand was daar niks oor nie. Natuurlik het die moeilike tye veroorsaak dat hulle nie kans gesien het om aan die bou van die tempel aandag te gee nie. God sou dit mos verstaan?

Wat hulle nie raakgesien het nie, was dat God die omstandighede goed ken, want Hý het dit veroorsaak! Hulle het harder gewerk, maar steeds agteruitgegaan. Hulle het nie gaan stilstaan om te vra of die HERE nie dalk iets hiermee vir hulle wil sê nie. Daarom kom Haggai en sê:

> **"Dit is God wat die reën en die oes beheer. Hy weerhou sy seën omdat jul prioriteite nie reg is nie! Stel sy huis eerste en Hy sal julle seën. Soek eers sy koninkryk ..."**

Sommige van hierdie mense was vasgevang in hul eie lewenswêreld; hul aandag net op die mooi huise waarin hulle woon (vgl. 1:4). Maar die dolksteek van verse 6 tot 11 is: Al daardie dinge waaraan julle so hard werk, bring nie blywende tevredenheid nie. Salomo het alles waaroor 'n man kon droom probeer en ook hy moes uiteindelik sê, dit is alles tevergeefs ... Die geskiedenis is besaai met mense wat hulle daaraan toegewy het om die leer van wêreldse sukses te klim, net om te laat uit te vind dat dit teen die verkeerde muur geleun het!

Haggai sluit af met 'n spesiale woord aan goewerneur Serubbábel: God gaan hom sy uitverkore dienaar maak (vgl. 2:23). Terwyl die goewerneur inderdaad 'n invloedryke rol in die tempelherbouing speel, is daar ook 'n groter betekenis in hierdie verse (vgl. 2:20-23). Hierdie beloftes bou voort op God se verbond. Israel het teruggekom uit die Babiloniese ballingskap en 'n mens kan in die versoeking kom om te dink dat God se beloftes nie meer van krag was nie. Haggai bevestig dat God steeds besig is om sy beloftes te vervul en dit is uiteindelik in sy Seun, Jesus Christus, vervul. Hy kom om 'n ewige koninkryk te vestig en te bou wat nooit geskud sal word nie (vgl. Hebr. 12:18-29).

## Ons is Chrístus se kerk!

Kyk ons na die vraag of die kerk as instelling haar geloofwaardigheid verloor het, dan is dit belangrik om hieroor te besin: Wat glo ons van die kerk, nie wat sien ons van haar nie. Om bloot kerk by te woon, beteken nie dat jy 'n "lewende" lid daarvan is nie. Om kerk te wees het iets te doen met hoe ons ons lewens vir Christus leef. Ons sal moet kies: Vat ons net, of gee ons ook? Wil ons net bedien word, of gaan ons om te bedien? Die feit dat God so met die kerk werk is onbegryplik, want Hy het sekerlik ander opsies. Mense sondig; leiers maak foute. Dat Christus gebrekkige mense gebruik om sy werk op aarde te volbring, is eintlik 'n teken van sy genade, nie 'n teken om met die werk op te hou nie. Dit is juis die kerk wat die wêreld 'n voorste sitplek aan God se genadetafel gee.

Die grootste rede waarom die kerk nog geloofwaardig is, is gegrondves in die beginsel dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is. Ons bely dit in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus en daaruit kan ons vyf kernsake uitlig:

- Christus vergader sy kerk. Dit is nie my kerk of jou kerk nie – dit is die Here se kerk.
- Christus vergader die kerk vir Homself. In ons nadenke oor die kerk gaan dit oor Hom en nie oor ons nie. Die Seun van God bepaal die getal van die lidmate; Hý skryf hul name op. Met tye is die kerk klein en met tye word groot getalle bygevoeg, maar Hy bepaal ook hier.
- Christus vergader die kerk deur sy Gees en Woord. Daarom kán die kerk haar beywer om die "eerste dinge eerste" te stel.
- Christus se kerk het 'n geskiedenis: Sy was gister, sy is nou en sy is ook môre, want Chrístus bou sy kerk. Wat 'n wonderbaarlike gersusstelling!
- Christus se kerk bestaan uit lewende lede wat aan Hom behoort. Danksy Hom kan ons dit uitjubel: Ja, die kerk leef; sy is steeds geloofwaardig! ☺

1. Voorsitter van die Koinonia-sinode en leraar van die NG Kerk Secunda-Goedehoop.

# Johan en Reneé Janse van Rensburg[1]

*Die ergste brand het op 20 Mei 2021 uitgebreek. Daar was 'n fout by 'n Eskompaal. Die wind was geweldig sterk. Omdat onderhoud nie gedoen word soos dit moet nie, het die kragdrade aan mekaar geraak en die brand begin, ongeveer 40 km van ons af. Ek en ons twee seuns, Johan (17) en Gerhard (15), was op daardie stadium in Bloemfontein. Ons dogter, Adaliah, was in Amersfoort se wêreld, besig met haar studies. My man, Johan, was op ons plaas, Vlakfontein.*

Die boodskappe het op ons brandgroep begin deurkom. As gevolg van die wind het die brand geweldig vinnig versprei. Johan het gebel en gesê ons moet kom help om ons vee voor die see van vlamme weg te kry. Ons het so vinnig moontlik terug plaas toe gejaag. Die wind het ons teruggehou, so sterk was dit. Ons was 90 km van Vlakfontein af en het rookwolke gesien so ver ons ry. Ons het begin bid: vir bewaring van ons diere, ons geliefdes, ons gemeenskap. As dit die Here se wil is om ons te bewaar ...



Die Janse van Rensburg-familie

Ons bly in 'n omgewing waar almal inspring en help as daar 'n brand is. Mense was al besig om ons vee te skuif teen die tyd dat ons op Vlakfontein aangekom het. Die seuns het elkeen 'n motorfiets gegryp en skape begin aanjaag. Ek het die ooie met klein lammetjies wat naby die huis was, gaan haal en hulle in die tuin gesit. Die plan was om die sproeiers aan te sit. Maar daar was nie krag nie. Die brand was binne 'n halfuur by ons. Van al die brande wat ek al gesien het, het hierdie een die vinnigste versprei.

Deur die genade het ons die meeste van die vee in krale en op veilige plekke gekry. Die wild was egter 'n ander storie. Ons vier perde kon ek ook nie geskuif kry nie. Hulle was verbouereerd en ek moes hulle daar los, want die brand was op ons. Die perde en 'n trop van 100 ooie het agtergebly. My man en seuns was in die veld besig om ons plaas te probeer red. Ek het nie geweet of hulle in gevaar is of nie ...

Alles was binne 45 minute verby. Al ons veld het afgebrand. Daar was letterlik niks oor nie. Ek het 'n geweer gevat en na die perde gaan soek. Ek was seker hulle het gebrand. Maar hulle het tussen twee damme gaan skuiling soek. Die damme het oorgeloop en dit was sopnat daar. Nie 'n haartjie het op hulle geskroei nie. Die skape was 'n ander storie. Hulle het gebrand. Party was dood, maar baie het nog geleef. Dit was 'n groot skok om hulle so te sien. Die wete dat ék die besluit geneem het om hulle te los, het lank in my kop gemaal. Ek het daardie middag die mooiste sonsondergang in 'n baie lang tyd gesien. Dit was net vir my bedoel.

Die Here het vir my gesê: Wees stil en weet: Ek is die Heer.

**Ons het ná donker eers al die brandplekke en smeulende hopies doodgekry. Ons was stom, verward, het nie geweet wat voorlê nie. Slaap het gewag om te kom. Jy wonder: Hoe nou? Wat nou? Die hele winter lê voor. Dit is nie nou reëntyd nie. Hoe gaan ons die diere kos gee?**

Vroeg die volgende oggend, net ná sonsopkoms, het ek by my kombuisvenster uitgekyk na die verskroeidheid rondom my ... In die verte het ek 'n vragmotor se ligte gesien. Iemand het vir ons voer gestuur. En net daar het ek besef – ons het uitkoms! Die Here se genade is vir ons genoeg ... Telkens, sodra ons weer moed verloor en die kos min geraak het, het daar weer genade gekom ...

Een oggend kry ek 'n teksboodskap van die bank af. Daar is R50 000 in ons rekening inbetaal met die verwysing: Donasie met liefde. Ons weet tot vandag toe nie wie dit was nie. 'n Ander keer kry ek 'n oproep van 'n dame in Potchefstroom. Sy sê iemand het vir ons geld inbetaal. Sy vervaardig voerpille. Wat het ons nodig? 'n Vragmotor kom laai 150 sakke pille en oor die 400 bale lusern af. Hierdie is maar twee van die baie genadeverhale ...

Hierdie ramp het ons as gesin baie nader aan mekaar gebring. Ons het dinge geleer soos: vertrou en vir jou sal voorsien word; my genade is vir jou genoeg; wees stil en weet, Ek is die Heer; jy is nooit alleen nie ... Dinge wat my dalk 'n leeftyd sou neem, het ek in 'n baie kort tydjie geleer. Ek het toe eers werklik besef watter onsigbare band daar tussen mede-Christene is. Ek het geleer wat dit beteken om mekaar, deur gebed, te ondersteun.


Ek is baie dankbaar dat ons die brand kon beleef. My dankbaarheid is eindeloos: vir die genade wat ons ontvang het; vir die voorreg om God se hand, wat ons so sonder verdienste vasgehou, vertroetel en gedra het, te kon sien; vir genade om ons kinders te sien vashou aan en groei in hul geloof; vir my man wat weer die stukke bymekaar kon bring en ons boerdery weer kon opbou.

**Dit is nou amper drie jaar later. Ons veld het pragtig herstel. Ons diere is spekvet. Ons harte loop oor en soms staan ek in verwondering voor dit alles. Die pad wat ons moes stap, was nie maklik nie. Dit het ook nie sonder twyfel of moedverlorenheid verloop nie. Maar, die Here het 'n plan met alles wat in 'n mens se lewe gebeur.**

Dit het die afgelope drie jaar weer baie in ons omgewing gebrand. Drie weke gelede het ons die hartseer van die dood van 'n vriend in 'n fratsbrand beleef. Deur die trauma en hartseer wat ons self beleef het, is ons voorberei hiervoor. Die emosionele ervaring gaan ons nog lank bybly, maar die geloofslesse nog langer. Vandag kan ons mense ondersteun wat ook deur sulke trauma gaan. Ek kan vir hulle sonder huiwering sê: Vertrou op die Here; Hy stap saam met jou.

1. Lidmate van die AP Kerk Dealesville.









# Moralistiese Terapeutiese Deïsme

**Ds. Henning Dafel**[1]

In 2005 het Christian Smith die term "Moralistiese Terapeutiese Deïsme" (MTD) vir die eerste keer gebruik om jongmense se geloofsoortuigings te probeer saamvat. Dit kom basies alles op 'n vyfpuntbelydenis neer:

1. God bestaan. Hy is 'n realiteit. Hy het die heelal geskape en waak oor die hele mensdom.
2. God wil hê dat mense goed, vriendelik en regverdig teenoor mekaar moet optree, soos wat die Bybel en die meeste ander godsdienste van die wêreld ons leer.
3. Die grootste prioriteit in die lewe is om gelukkig te wees en goed oor jouself te voel.
4. God hoef nie in elke aspek van jou lewe betrokke te wees nie, behalwe wanneer jy 'n probleem het wat Hy moet help oplos.
5. Goeie mense gaan hemel toe wanneer hulle sterf.

Hoewel Smith hierdie opname in die vroeë 2000's gemaak het, is ek van mening dat dit die basiese boodskap is wat die meerderheid "Christene" etlike dekades reeds propageer. Hoewel MTD hier en daar iets van die waarheid beet het, is dit ontstellend om te sien hoe min mense daarmee fout sien. Daar is twee belangrike redes waarom ons fout móét sien: (1) Vat hierdie vyf punte en vergelyk dit byvoorbeeld met dít wat die Jode en Moslems glo. Daar is byna geen verskil nie; hulle sal daarmee saamstem. (2) Die vyfpuntbelydenis maak geen melding van sonde, verlossing, of die belangrikste, Jesus Christus, nie.

Kom ons gee egter ook 'n bondige Bybelse evaluering.

In die eerste plek is dit uiteraard noodsaaklik om te erken dat God bestaan en dat Hy aktief by sy skepping betrokke is. Tog is dit nie naastenby genoeg nie:

> *Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder* (Jak. 2:19).

Hier word ons herinner dat Satan presies dieselfde kan bely; hy gaan nie 'n duit met jou verskil nie. Tog is hierdie belydenis nie iets wat hom enige troos bied nie. Trouens, dit laat hom sidder. Om bloot te erken dat God 'n realiteit is, is nie genoeg nie. Jou persoonlike verhouding met Hom moet herstel word.

Tweedens, vriendelikheid en regverdigheid is inderdaad opdragte in die Bybel. Tog is die opmerking dat Hindoes, Moslems en Boeddhiste hierdie sake ook propageer, baie waar. Die twee sake wat Christenskap menslikerwys gesproke werklik uniek maak (die twee sake in kombinasie), is: (1) Die mensdom is absoluut verlore en verdien straf en oordeel, (2) die mensdom kan self niks daaraan doen nie. Ons het 'n Verlosser nodig om ons uit ons ellende te verlos. Om te sê dat Christenskap bloot beteken dat jy 'n goeie mens moet wees, beteken letterlik dat jy die hart en siel uit Christenskap haal. Dit beteken dat ons eintlik Fariseërs word:

> *Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie* (1 Joh. 5:12).

Derdens, hoewel vreugde en vrede duidelike bewyse van 'n gewortelde geloof in Jesus Christus is (vgl. Filip. 4:7), is dit baie duidelik nie iets wat gelowiges direk moet soek of kan vind nie. Dit is altyd 'n resultaat van 'n ander proses. Blydskap ter wille van blydskap is geforseerd. 'n Mens kan tog nie sonder rede bly wees nie. Dieselfde geld vir vrede. Vrede en vreugde is die gevolg van iets anders en nie iets wat ons direk kan najaag nie. Dit is tog waarom Paulus sê:

> *Verbly julle altyd in die Here ...* (Filip. 4:4).

Wanneer jy glo dat persoonlike vreugde of vrede nagejaag moet

word, word jy selfgesentreerd en kan jy nooit volhoubare bevrediging vind nie. Die probleem is dat geen geskape bron van vreugde of vrede ooit genoeg daarvan kan bied nie. Goud verloor sy glans en prestasies vervaag. Selfs ander mense gaan jou óf teleurstel, óf begin vermy. Jona is 'n klassieke voorbeeld van hierdie waarheid.

Vierdens, die gedagte dat jy God op 'n afstand kan hou en dat Hy nie direk in elke faset van jou lewe betrokke hoef te wees nie, is uit die staanspoor onbybels. Die Romeinebrief maak dit duidelik:

> ***Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here* (8:14).**

Laastens is die idee dat goeie mense verdien om hemel toe te gaan, vreemd aan die Skrif. Trouens, ook dit hoort tuis by Fariseïsme. Weer leer die apostel Paulus: *want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God* (Rom. 3:23) en:

> ***Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie* (Efés. 2:8-9).**

Hoe vergelyk jóú persoonlike belydenis? ☺

1. Leraar van die AP Kerk Potgietersrus, redaksielid van Die Boodskapper en voorsitter van die Publikasiekommissie (PK).

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2024

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 1-3; Exodus 1-3 | Matthéüs 1:18-25; 2-3; 4:1-11; Markus 4-5 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Deuteronómium 5-8; Esra 1, 4, 7 | Lukas 1-2; Johannes 5-7 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Josua 1-4; Rigters 6-7; 13-14 | Handelinge 1-3; Filippense 1-2; Filémon 1 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 1-3; 2 Samuel 11-12 | Kolossense 1-4; Judas 1 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Ester 1-10 | Titus 1-3; Jakobus 1-3; 1 Petrus 1-2 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 1-3; Jesaja 6-11 | 2 Timótheüs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Jona 1-4; Job 1-4 | Galásiërs 3-6; Hebreërs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 11** | Maleági 1-4; Prediker 1-4 | Romeine 4-8; 1 Korinthiërs 15-16 | Les 1-9 |
| **Belydende lidmate** | 1 Konings 17-19; Exodus 16-19 | Openbaring1-4; Hebreërs 8-10 | NGB: Artikels 27-29 |


# Belfast Rusoord

WEES BARMHARTIG

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

ONS BIED DIE VOLGENDE:
24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteitstoegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.

PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720
Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830
1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.

**Kontak die bestuurder vir enige navrae: Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**

ONTHOU DIE DATUM!
**21-24 Maart 2024**
Esperanza Kampterrein
Viljoenskroon
Tema & kostes sal bevestig word
Ds Attie 0712293035
Ds Emile 0837995889
Theo 0761813389

APK Landswye
Jongmenskamp 2024

AP KERK LEEUDORINGSTAD

## Belydenisaflegging

Die AP Kerk Leeudoringstad se belydenisaflegging het op Sondag 12 November onder leiding van ds. Johan Gericke plaasgevind.

Op die foto is Raykie van Rooyen, Henriëtte Roux, ds. Johan Gericke, Nico Bisschoff en oudl. Jacques van der Merwe. Ds. Wessel Swart het 'n kosbare bydrae deur die jaar gemaak het.

Ingestuur


Belydende lidmate


AP KERK WATERBERG

## Belydenisaflegging

Die AP Kerk Waterberg is verheug oor hul vier nuwe belydende lidmate: Stefan Roets, Gerhard Engelbrecht, Willie Engelbrecht en Nicoly Claassens. Ná hul belydenisaflegging het hulle saam met die gemeente deelgeneem aan die nagmaalsviering.

Baie geluk en baie welkom in die AP Kerk Waterberg. Ons glo en vertou dat julle die gelofte wat julle aan God gedoen het, enduit sal uitleef. Baie geluk ook aan hul ouers en grootouers.

Stoffel Visser


Belydende lidmate

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
MAJUBA 1881
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.
**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**
Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!
**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**
Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag
**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709
e-pos: pietersburg@apk.co.za
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

AP KERK BRONKHORSTSPRUIT

## Huweliksbevestiging

Op Saterdag 9 September was dit die huweliksbevestiging van Marinus Pienaar en Ané Vosloo. Die seremonie het by die skilderagtige Meulstroom-venue tussen Bronkhorstspruit en Groblersdal plaasgevind. Dr. Hendrik Breytenbach (AP Kerk Bronkhorstspruit) het die huweliksbevestiging waargeneem. Die boodskap was aan die hand van Efésiërs 6.

Die egpaar vestig hulle in Pretoria, binne die gemeentegrense van die AP Kerk Trans-Magalies. Die AP Kerk Bronkhorstspruit wens die egpaar 'n geseënde en Godvrugtige huweliksreis toe. Mag die wêreld iets van Christus se opdrag in hul huwelik sien: "Julle moet mekaar liefhê soos wat Christus die gemeente liefhet." (Ns. Siestog, Marinus het skoon bewoë geraak toe die bruid die paadjie afgestap kom. Sekerlik van blydskap oor die wonderlike skoonpa wat hy bykry ...)


Marinus en Ané Pienaar

Barend Vosloo

AP KERK MIDDELBURG

## Belydenisaflegging

Op 29 Oktober het 19 finalejaarkatkisante belydenis van geloof afgelê. Ons is verheug om te sê dat dit die grootste groep in die laaste sewe jaar is. Ons dra Spreuke 3:6 graag aan hulle op: *Ken Hom in jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak.*


Finalejaarkatkisante

Foto: (v.l.n.r.): Agter: Johandré Joubert, Alec de Beer, Wilhelm Pohl, WJ Fraser, Sarita Scheepers, Ettiene Pienaar, Jannie Janse van Rensburg, Ruben Erasmus, Johan van Niekerk. Voor: Somené Janse van Rensburg, Charlené Combrinck, Suné van Niekerk, Zandri Grobbelaar, Tanika Wessels, ds. Armand van Zyl, Isabelle Jacobs, Danelle Cilliers, Makayla Otten, Danisha Cock, Rochelle van Niekerk.

Maggie Richter

**Oornagverblyf Kroonstad**
2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL**
• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer
Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**AP KERK WARMBAD**

## Belydenisaflegging

Die AP Kerk Warmbad het op 29 Oktober vier finalejaarkatkisante gehad wat belydenis van geloof afgelê het. Emeritusleraar, ds. Koos Serfontein, het die jaar met hulle deurgebring ter voorbereiding, nie net vir hierdie groot gebeurtenis nie, maar ook met die oog op waardevolle lewenslesse. Ons is hom innig dankbaar dat hy met soveel deernis en liefde ons kinders tot hier gelei het.

Dit is ook gebruik by ons gemeente om met geloofsbelydenis 'n boom op die kerkperseel te plant sodat dit vir die nuwe belydende lidmate as voorbeeld van groei kan wees. Die vier jong lidmate én ds. Koos het elkeen die graaf opgeneem om die boom te help plant.

Marlize van der Westhuizen



*V.l.n.r.: Rikus Kern, Gunther Myburgh, ds. Koos Serfontein, Mariné van der Westhuizen, Leruschke Bredenkamp*






# VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** DESEMBER 2023/JANUARIE 2024, BL. 9

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 B | R | O | O | 2 D | | | | | | 3 M | | | | | | | | |
| E | | | | E | | 4 A | | 5 V | | I | | 6 G | E | L | 7 D | | 8 B | |
| R | | | | U | | R | | E | | R | | E | | | I | | O | |
| G | | | | R | | B | | R | | T | | T | | | S | | M | |
| E | | 9 A | | 10 V | R | E | U | G | D | E | | 11 U | I | T | T | R | E | K |
| | | A | | O | | I | | E | | B | | I | | | E | | | |
| 12 W | Y | N | | 13 G | O | D | D | E | L | O | S | E | | | L | | 14 U | |
| | | D | | T | | | | F | | O | | | | | | | I | |
| | 15 N | A | S | I | E | 16 S | | | | 17 M | E | L | 18 K | | | | T | |
| 19 V | | G | | G | | I | | | | | | | W | | 20 N | A | B | Y |
| E | | T | | | | P | | | 21 B | E | H | A | A | G | | | R | |
| T | | I | | 22 V | O | R | S | | E | | | | A | | | | E | |
| T | | G | | R | | E | | | K | | 23 G | E | D | A | 24 G | T | E | S |
| I | | | | E | | S | | | E | | | | D | | E | | K | |
| G | | | | D | | | 25 S | I | E | L | | | O | | J | | | |
| 26 H | E | U | 27 W | E | L | 28 S | | | R | | 29 S | N | E | E | U | | | |
| E | | | E | | | A | | | | | | | N | | B | | | |
| I | | 30 V | E | R | S | A | D | I | G | | | 31 H | E | M | E | L | | |
| D | | | | | | D | | | | | | | R | | L | | | |

### AP KERK KIMBERLEY

## Verbondsonderrig

Ons dooplidmate het Sondag 19 November hul seëls en sertifikate vir deelname aan die Bybelkenniseksamen ontvang. Ons Finse dooplidmate het ook hul seëls en sertifikate ontvang. Baie geluk aan al die kinders! Die gemeente is trots op julle.


Dooplidmate

## Hoofmeisie

Die AP Kerk Kimberley is baie trots op dooplidmaat Lelani Cooke wat as hoofmeisie van Laerskool Eureka vir 2024 verkies is. Sy presteer nie net goed op skool nie, maar het die Bybelkenniseksamen met lof geslaag en 'n platinumsertifikaat ontvang. Baie geluk aan oudl. Edward Cooke en ouma Elna Cooke met hul dogter en kleindogter se pragtige prestasie. Die gemeente bid haar alle sterkte toe vir die leierskaprol wat sy moet volstaan.

Philip Greeff



Dooplidmate van Finland


Lelani Cooke

### AP KERK WATERBERG

## Senioraksie

Die senioraksie (vroeër bekend as "Wyse Gryses") het hul jaareindfunksie gehou en al die oues van dae was daar. Oom Nick Olivier het sy slag met 'n skaap op die spit gewys en almal het te lekker geëet en gekuier. Ons oudste lidmaat is Jeanna Ferreira. Sy is 97 jaar oud, maar kon ongelukkig nie die funksie bywoon nie. Sy is op die oomblik in 'n versorgingseenheid. Ons wens haar spoedige beterskap toe.

Stoffel Visser


*Voorste ry: (v.l.n.r.): Soekie van Tonder (84), Dawie Herman (93), An Jacobs (85), Trya Olivier (80), Elsabé Prinsloo (83). Agterste ry: (v.l.n.r.): Marina Herman (85), Stoffel Visser (84), Danita van Wyk (83), Hennie de Wet (86), Pieter Prinsloo (86)*

**PRETORIA OORNAG WOONSTEL**

Rustig en skoon. Naby N1, Menlyn Mall en vyf hospitale. Selfsorg.

**Kontak Rosi by 082 748 5042**

**SUIDKUS – MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand. 2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.**

**Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**



# *Een Eeuw van Onrecht* (1)

**Dr. Pieter Möller**[1]

**Die boekie, *Een Eeuw van Onrecht*, is twee dae voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (9 Oktober 1899) anoniem in Pretoria uitgegee. Daar was dit glo algemeen bekend dat Jan Smuts die skrywer was.**

Die boekie is mettertyd in Duits, Frans en Engels (*A Century of Wrong*) vertaal. Die Europese uitgewers wou glo nie die boek anoniem uitgee nie. FW Reitz, 'n voormalige president van die Republiek van die Oranje-Vrystaat en later staatsekretaris van die ZAR, was bekend in die buiteland. Dit mag moontlik die rede wees waarom hy toe as die skrywer aangedui is.

Die boekie is gedurende die krisisjare van die ZAR geskryf en het ten doel gehad om die laakbare optrede van hoëprofiel Britse amptenare soos Alfred Milner, kabinetsministers soos Joseph Chamberlain en selfs die Britse regering in hul betrekkinge met die ZAR, aan die kaak te stel. Talle van die lasterlike bewerings is vir die waarheid in Britse blouboeke opgeneem. Daar is wêreldwyd daarvan kennis geneem en die Boere is gevolglik as agterlike barbare beskou. Hierdie Britte het geen geheim daarvan gemaak dat hulle die Boere as van 'n laer beskawingspeil as hul Maleierslawe beskou nie.

Die skrywer verklaar dat dit gepas is om 'n blik te werp op die worstelstryd van die Boerevolk wat begin het met die Engelse oorheersing in 1806. Vervolgens fokus hy oorsigtelik op enkele gebeure tot en met die Eerste Vryheidsoorlog (1881). Hy verwys onder meer na die Slagtersnekrebellie (1815) en beklemtoon dat die Britte selfs van godsdiens gebruik gemaak het om deur middel van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, die Boere te belaster en van onmenslike wreedhede teen naturelle te beskuldig:

> **"Deze laster stories ... ons arm volk nog zwaarder werd gekastijd."**

Hy wys ook daarop dat die swak en onderdrukkende beleid van Brittanje die Oosgrensboere uitgelewer het aan roofsugtige en moordlustige barbare en so aanleiding tot die Groot Trek gegee het. Die Engelse het die Voortrekkers, soos hulle weldra bekend geraak het, nie hul vryheid gegun nie en hulle op allerlei wyses teengegaan. Hulle is byvoorbeeld toegang tot buskruit geweier. So ook was die Cape of Good Hope Punishment Act van 1836 'n poging om hulle tot by die 25° suiderbreedte onder die onsimpatieke Britse gesag te plaas. Die goewerneur was egter nie in staat om die wet af te dwing nie. Hierdie agtervolging is deur die Engelse parlementslid, Molesworth, as vreemdsoortige vervolging bestempel. Die Voortrekkers het, nadat hulle die verraderlike en bloeddorstige aanslae van Dingaan se Zoeloes oorkom het, in 1838 die Republiek Natalia gestig. Steeds is hulle nie hul vryheid gegun nie. Goewerneur Napier het selfs by Lord Russell, toe die Britse Minister van Kolonies, aanbeveel dat die Voortrekkers ingelig word, "dat de Britsche Regeering de barbaren tegen hen helpen sou en hen als rebellen zou behandelen". Om hul vryheid te beëindig, is Natal in 1843 deur Engeland geannekseer. Dieselfde omstandighede as aan die Oosgrens het gevolg en die meerderheid Voortrekkers moes uiteindelik ook hier weer die aftog blaas. Steeds is hulle geen vryheid gegun nie en die Engelse regering het hulle maar weer agtervolg.

Die Britse regering, mislei deur hul eie amptenare, was van mening dat die oorname van die Oranje-Vrystaat voordelig sou

1. Skrywer was beïndruk met hierdie boekie en gaan dit in drie dele aan lesers bekendstel gedurende volgende uitgawes. Waar toepaslik, is geskiedkundige toevoegings gemaak.

Vervolg op bl. 28



# Agt teen vyf

**Hannekie Verwoerd**[1]

Ek is nou al langer as 23 jaar spraak- en taalterapeut en het oor die afgelope jare meer as 600 kinders se spraak-, taal- en ouditiewe prosesseringsvaardighede geëvalueer.

### "Raai raai riepa!"

Dit gebeur deesdae gereeld dat ek tydens 'n evaluasie 'n kind vra om 'n rympie op te sê en ons in stomme verleentheid na mekaar staar: Die kind weet nie waarvan ek praat nie! Ek begin dan maar altyd met 'n paar moontlikhede. Wat van ... "Kiepie, Kiepie kom tog gou?" Nee, nog nie van dit gehoor nie! "Hompie Kedompie?" Uhm, nee ... Ook nie! Ek tref darem gewoonlik die merk as ek begin met: "Daar's vissies in die water ..."

Waarom kry kinders deesdae soveel minder met rympies te doen? Dit lyk asof daar 'n skakel uit 'n ketting losgeraak het; asof die nuwe geslag ouers nie weet dat rympies en liedjies van onskatbare waarde is as dit by die ontwikkeling van taal- en luistervaardighede kom nie. Een van die redes kan die grootskaalse beweging van vroue vanuit die huis na die werkplek wees. Nog iets wat baie oor die afgelope drie dekades verander het, is die rol wat die kerk in mense se lewens speel. Natuurlik moet ons nie die byvoordele tel wanneer ons redes vir kerkbywoning oordink nie. Maar daar is "algemene genade" wat toegevoeg word wanneer 'n gesin gereeld kerk bywoon. Een daarvan is dat die sing van berymde psalms en gesange kinders blootstel aan sterk ritmiese, rymende taalgebruik.

Maar wat beteken dit as 'n kind rympies kan opsê of nie kan nie? Vir 'n kind van vyf tot sewe om op my versoek self aan 'n rympie of liedjie te dink, spreek boekdele oor wat in sy brein aangaan en wat deur sy omgewing in sy brein vasgelê is. Dit sê dat daar iemand is wat vir die kind rympies opgesê het of liedjies gesing het – uit liefde, omdat kinders van rympies en liedjies hou. Dit sê ook dat daar 'n juffrou in die kind se lewe is wat die rol van rympies en liedjies goed genoeg verstaan dat sy elke dag haar kleuters of leerders help om rympies te memoriseer. Dit sê dat blootstelling aan rympies en liedjies nie toevallig en van verbygaande aard was nie, maar dat dit deel van die kind se lewe was en is.

### Hiérdie kind sal kan!

Kyk ek met die oog op die toekoms na die kind wat gemaklik rympies kan onthou, weet ek dat hierdie kind sal verstaan dat woorde uit klanke opgebou is en in klanke afgebreek kan word. Hy gaan weet dat hy die woord in klanke kan opbreek en dan een letter op 'n slag kan neerskryf. Of dat hy die woord in klanke kan lees en dan die klanke kan saamvoeg om die woord as eenheid te hoor.

Hiérdie kind:

- gaan tot aan die einde van die sin lees en die eerste woorde onthou;
- sal nooit sukkel om te hoor op watter lettergreep die klem val nie;
- sal spelling en taalwerk maklik baasraak;
- sal met groter gemak leer lees;
- se brein gaan saamwerk om te memoriseer wanneer hy moet leer vir toetse;
- sal dit maklik vind om verbale opdragte uit te voer;
- sal lúister, want in hierdie kind se brein is ouditiewe- en taalvermoë "aangeskakel" en gestimuleer.

Mik daarvoor dat jou kind agt rympies of liedjies teen die ouderdom van vyf só goed ken dat hy/sy dit sommer kan oprakel en aframmel sonder inspanning. Rympies en liedjies wat só deel van hulle moet wees, kan nie in

een week by die skool aangeleer en dan afgemerk en op 'n rapport bepunt word nie. Rympies en liedjies moet reeds van babatyd af deel van 'n kind se lewe wees. Jou stem, die ritme van die woorde en die rympatrone in die liedjie vorm jou kind se brein en maak dit ontvanklik vir die klanke van sy moedertaal. Gedurende die baie klein babatyd is veral sy gehoor- en tassintuig fyn ingestel op stimulasie. En elke eenvoudige ietsie wat gehoor word (of nie), het 'n invloed op die brein se ontwikkeling.

**"Lamtietie, damtietie ..."**
In onlangse navorsing oor premature babas is die effek van 'n ma wat vir haar baba sing, bekyk. Premature babas kan dikwels nie suig nie (of gekoördineerd suig en sluk nie) en word aanvanklik met neusbuise gevoed. Voordat so 'n babatjie uit die neonatale sorgeenheid ontslaan kan word, moet hy kan suig: aan 'n fopspeen en later aan sy mamma se bors of aan 'n bottel. In die genoemde studie is gebruik gemaak van fopspene wat gekoppel was aan 'n klankopname van die ma se stem wat 'n liedjie vir die baba sing. Sodra die baba begin suig, begin die mamma se stem vir hom 'n babaliedjie (iets soos "Slaap, kindjie slaap") sing. En raai wat? Die babas wat hul mammas se stemme hoor sing terwyl hulle die fopspeen suig, het vinniger geleer om gekoördineerd te suig en te sluk, beter gevoed en gewig opgetel en kon vinniger uit die neonatale sorgeenheid ontslaan word.

Taal is die Godgegewe voertuig vir menslike kommunikasie. Dit word gepraat en mense moet daarna kan luister. Om ons kinders daartoe te bemagtig moet ons met ywer stimuleer aan die ontwikkeling van taalvermoë in hul vroegste jare. Nie net sodat hulle sal uitblink op akademiese gebied nie, maar veral sodat hulle die vermoë sal hê om God se Woord te hoor, te verstaan en daaroor te kan praat. ☺

Vervolg vanaf bl. 26

## *Een Eeuw van Onrecht* (1)

wees. Die gebied is dus in 1848 as die Orange River Sovereignty geannekseer. Op daardie tydstip het dit egter voorgekom asof die gebied nie minerale rykdom gehad het nie. Dít, en moeilikheid met die Basoeto's, het daartoe gelei dat die Republiek van die Oranje-Vrystaat met die Bloemfontein Konvensie van 1854 tot stand gekom het. Twee jaar tevore het die Engelse met die Sandrivier Konvensie die gebied noord van die Vaalrivier vry verklaar en het die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) tot stand gekom. Trou aan hul aard het die Engelse die bepalings van die konvensies na willekeur verbreek: Die twee Republieke is van hul diamantvelde beroof en dit is aan swart stamme toegeken, omdat hulle kwansuis die regmatige eienaars was. In dié proses is selfs 'n grenslyn verskuif! Daar is ook 400 000 gewere aan swartes by die Kimberley-diamantvelde verkoop. Goewerneur Barkly het besware bloot op 'n moedswillige, arrogante wyse geïgnoreer.

Vyf-en-twintig jaar ná die Sandrivier Konvensie het Shepstone, Natal se Naturelle Kommissaris, dit op 12 April 1877 van die tafel gevee toe hy die ZAR op vals gronde geannekseer het en later selfs op bedrieglike wyse voorgegee het dat pres. Burgers ten gunste van die anneksasie was. Hy het as Spesiale Kommissaris van die Britse koningin na die ZAR gekom onder voorwendsel om oor sake van gemeenskaplike belang ondersoek te doen en te beraadslaag. 'n Swak pres. Burgers het hom deur Shepstone laat mislei. Tydens sy drie maande lange verblyf in Pretoria het hy hom met geknoeiery besig gehou en uiteindelik die ZAR geannekseer. Burgers het hom wel teen die anneksasie uitgespreek, maar niks daadwerklik gedoen om dit te voorkom nie.

Natuurlik moes Engelse soos Frere (Hoë Kommissaris) dit ten alle koste by die Britse bevolking tuisbring dat die anneksasie die groot onreg wat teen die swartes gepleeg is, ongedaan gemaak het. Biskop Colenso het egter daaroor verklaar dat, "the sly underhand way in which the Transvaal has been annexed appears to me to be unworthy of the English name," en RS Watson verklaar: "A more wicked and wanton deed was never done by any man in the name of any nation." Een Engelsman was glo so ontevrede dat hy selfs verklaar het dat hy skaam is om 'n Engelsman genoem te word; 'n gevoel wat na alle waarskynlikheid deur verskeie ander regdenkende Engelse onderskryf is. ☺

SMELTOOND

• Februarie 2024 •



# Lief vir ons transgender kind[1] LIEWER VIR JESUS – Anoniem

Ek verstaan nou eers wat dit beteken: *As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie* (Lk. 14:26).

Ons 18-jarige seun het kleintyd al sy geloof bely. Hy was gereeld deel van geestelike gesprekke met my, in ons gesin en in ons kerkfamilie. Ons het die Skrif in ons huis deur woorde en dade geleer. Dit was dus vir ons ’n groot skok toe hy onthul dat hy transgender is en dat ’n LGBT+-identiteit volgens hom versoenbaar is met wat die Bybel leer.

### Waarom hy, waarom ons?

Ons het baie vrae gehad: Wat het met ons seun gebeur? Het ons iets verkeerd gedoen? Waarom het God hom nie beskerm nie? Wie/wat het hom daartoe gedryf? Ons kon net ’n paar moontlikhede identifiseer.

Eerstens het ’n ou vriendskap, wat deel van die LGBT+-gemeenskap was, ons seun opgesoek. Ons het ons seun aangemoedig om getrou aan die Woord te wees deur liefde en genade aan sy vriend te betoon. Tweedens het ’n paar ander mense ons seun oortuig dat LGBT+-leefstyle met Christenskap versoenbaar is. Terwyl ons seun dit glo, het hy ook erken dat sy verhouding met die Here nie goed is nie. Ons weet dat as hy ’n ware gelowige is, hy moet wegdraai van die sonde waarin hy verkeer, want “die wat sulke dinge doen, sal die koninkryk van God nie beërwe nie” (vgl. Gal. 5:19-21; 1 Kor. 6:9-10).

Ek het opgelees oor moontlike oorsake waarom individue by LGBT+-identiteite ingetrek word. Of daar sulke dinge is of nie, het my tot die besef gebring dat ek aan die Here moet bely dat ek nie weet wat ek nie weet nie. Ek bid dat dit nie ’n lui reaksie is nie, maar eerder ’n erkenning van oorgawe aan die Here. Hy weet en Hy sien en die grootste antwoord vir ons seun en ons gesin is Jesus Christus. Om dit te sê, is egter baie makliker as om dit uit te leef …

### Lief vir ons seun

Vir maande ná sy onthulling was ons seun meestal geslote en vyandig. So het hy byvoorbeeld gevra dat ons hom op sy nuwe voorkeurnaam en voornaamwoorde noem. Ons kon dit nie doen nie. Hy het gesê dat ons weiering wys dat ons hom nie liefhet nie. Dit het ons harte gebreek. Maar hoe kon ons ’n identiteit goedkeur wat God se goedheid vir hom én die goedgeskapenheid van sy fisiese liggaam ignoreer? Ons kon eenvoudig nie toegee aan sy eise nie. Ná ’n selfmoordpoging het die vrae aangehou: Kan ons hom nie maar net vashou en alles beter maak nie? Gee God om?

### Liewer vir Jesus


Ons seun het gedink ons haat hom, maar hy het nie besef ons liefde vir die Here Jesus (en vir hom) is groter nie. Toe Jesus vir sy dissipels gesê het dat hulle hul kinders moet “haat”, het Hy nie van letterlike haat gepraat nie. Die Skrif is vol van God se goeie bevele om ons kinders te geniet en opofferend lief te hê (vgl. Deut. 4:9; Spr. 17:6; Jes. 49:15-16; Mal. 4:6; Kol. 3:21; Efés. 6:1-4). Die Here Jesus weerspreek dit nie. In plaas daarvan beklemtoon Hy die mate van die opoffering wat jý maak wanneer jy Hom liefhet. Jou liefde vir Hom kan deur jou familie, selfs jou kinders, as haat beskou word. Die realiteit is dat ek en my vrou lief is vir ons seun en daarom wou ons nog altyd lief wees waarvoor hy lief is. Hierin kon ons egter nie. Ons kan ons nie “verlustig in die bose” nie. Ons moes ons “verlustig in die waarheid”, al het ons seun gevoel dat ons liefde eintlik haat is (vgl. 1 Kor. 13).

Ons moes uiteindelik aan onsself sterf, want: (1) Jesus Christus is die lewe en die enigste manier om die lewe voluit te leef; (2) ons woorde en dade kan ons seun wys op sy behoefte aan Jesus Christus; (3) ons vertrou dat afsterwe aan onsself tot groter lewe en lof aan God lei. Ons weet ouers moet aan hulleself sterf om ’n kind reg lief te kan hê. Dit is wat die Bybel leer. Ons kinders weet nie altyd wat hulle wil hê of wat die beste vir hulle is nie. Ons ook nie, daarom moet ons God en sy Woord vertrou. Ons seun se stryd het ons afhanklikheid van die Here Jesus onderstreep.

---

1. https://bit.ly/41a0dot. Met vergunning in Afrikaans vertaal deur Charlotte Möller.

**PRYS:** R235




*Tydsgees* dui op die verskynsel dat daar in sekere tye bepaalde idees of oortuigings inslag vind om die algemeen heersende denke oor die lewe diepgaande te beïnvloed.


Die lewensbeskoulike denke van ons tyd is ’n woelende vermenging van idees en invloede. Ten einde die huidige wydlopende lewensidees te orden, word die tydsgees in die rigtertyd ontleed. Dit is nie ’n blote voorbeeld of vergelyking nie. Die rigtergeskiedenis werp lig op die ontstaan en groei van ’n tydsgees en so dien dit as beligting vir idees en gebeure in ons lewe. Want dit openbaar Skrifwaarhede waarop steeds geldende beginsels gefundeer kan word. Dan bied dit ’n maatstaf waarteen die denke en dade, die tydsgees van ons tyd, gespieël kan word.

Daar is een deurlopende krag wat altyd in gedagte gehou moet word: die groot stryd tussen God en Satan. Die tydsgees is Satan se een magsmiddel waarmee hy sy mag op aarde wil vestig. Dit was die dryfveer van die tydsgees in die rigtertyd; dit is steeds die dryfveer in die moderne tydsgees. Want dit is die ewige groot stryd tussen die almagtige God en die magte van die duisternis.


Ofskoon die tydsgees wêreldwyd kan uitkring, word in hierdie boek gefokus op die neerslag en invloed daarvan op Suid-Afrika en veral op ons Afrikanervolk.




**PRYS:** R190




**PRYS:** R130




**PRYS:** R110



JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 179 • Februarie 2024

# KERKFLOU, KERKLOS, KERKLOOS ...

Daar is baie Afrikaanse kinders wat nog nooit naby 'n kerk gekom het nie. Dit was net nog nooit vir hul ouers belangrik nie. Baie van hierdie mense noem hulleself nog Christene, maar dit is uit gewoonte.

Om weg te raak van die kerk af, gebeur nie skielik nie. Dit is 'n proses. Alles begin by die punt waar jou sondes jou nie meer pla nie. As jou sondes jou nie pla nie, sal die Here Jesus nie meer vir jou so kosbaar wees nie. Iets anders sal sy plek begin vat. Jy mag dalk nog sê dat Hy vir jou die belangrikste is, maar jou besluite sal wys dat jy dit nie bedoel nie.

Daar is 'n goeie rede waarom Jesus in Matthéüs 6:24 sê:
*Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag ...*

In jou hart sal jy begin voel dat jy sukkel om opgewonde te raak oor Jesus Christus en sy kerk. Later gaan jy voel dat jy al minder lus het om die verantwoordelikhede van Christenwees na te kom: jy het nie lus om Bybel te lees nie; jy het nie lus om te bid nie; jy het nie lus om kerk toe te gaan nie. Maar jou gewete gaan jou nie so maklik laat wegkom nie. Ná 'n ruk gaan jy begin sleg voel omdat jy hierdie dinge nie doen nie. Dan gaan jy verskonings begin uitdink: ek is te moeg; ek is te besig; ek weet nie hoe nie.

Dit is ongelukkig nie so maklik om vir jouself te jok nie; jy weet mos daardie verskonings is nie goed genoeg nie. Daarom gaan jy beter verskonings begin soek: hierdie kerk maak hierdie en daardie fout; daardie kerk doen weer dit en dat verkeerd. Hierdie Bybel is eintlik die verkeerde Bybel. So sal jou lysie al hoe langer word. Jou verskonings gaan jou (on)gelukkig al meer sekerheid gee: ek hoef Jesus nie te volg nie; ek hoef nie aan die Bybel gehoorsaam te wees nie; ek hoef nie kerk toe te gaan nie; ek kan maar net rustig my ding doen soos ek daarvan hou.


> Waar jy begin het met 'n kerkflou-hart, het jy gou teruggely om 'n kerklos-hart te hê en vinnig gaan jy met 'n kerklose-hart sit.

Ek skryf hierdie dinge in *Die Jeugboodskapper* omdat ek glo dat jongmense hiervan moet weet. Blaai 'n mens op TikTok rond, is daar so baie mense wat in Afrikaans verkondig wat in die vorige paragraaf staan. Ons moet versigtig wees om nie alles wat ons hoor of lees, vir soetkoek op te eet nie.

Nog 'n rede waarom jongmense hierdie dinge moet hoor, is om vir hulle te sê dat hulle 'n verskil kan maak. Jy kan begin deur te bid dat die Here jou huis moet verander. Jy kan begin deur jou ouers te herinner om in die aande Bybel te lees. Jy kan begin deur nie te talm wanneer julle vir die erediens gereedmaak nie. Jy kan redes begin soek waarom julle as gesin moet deelneem aan die kerk se werksaamhede. Jy sal verbaas wees watter groot verskil kinders soms in ouers se geloof kan maak.

**Groete, ds. Henning**


# Josua stuur twee manne uit om Kanaän en Jérigo te verken (Josua 2)



*Boustene van die Koninkryk: Graad 2.*
*Illustrasie deur Ester van Deventer.*

# DIE SMART VAN SONDE

Die eerste mensekind: 'n leuenaar en 'n moordenaar. Hy is kwaad vir God omdat Hy sy offer verwerp het. Hy haat vir Abel, is verskriklik jaloers op hom omdat hy dink dat God hom voortrek en hy slaan hom dood. En so het die dood in die wêreld gekom.




**DWARS**

2. Die vader van musikante (Gén. 4:21)
5. Wie is beskou as toekomstige aartsvader? (Gén. 4:1)
7. Wie was Adam se vrou? (Gén. 4:1)
8. Tubal-Kain se suster (Gén. 4:22)
11. Kain se seun (Gén. 4:17)
12. Hierdie vloeistof roep van die aarde af (Gén. 4:10)
13. Om verstoot te word (Gén. 4:11)
16. Die man met twee vrouens (Gén. 4:19)
17. Doellose rondloper (Gén. 4:12)
19. Naam van Eva se derde seun (Gén. 4:25)
20. Wie van die seuns was die skaapherder? (Gén. 4:2)
21. Aanduiding van beskerming (Gén. 4:15)
22. Om iemand te beseer (Gén. 4:23)
24. Verban, verjaag (Gén. 4:14)
25. Kain het daaruit sy bestaan gemaak (Gén. 4:12)

**AF**

1. Om vir God weg te kruip (Gén. 4:14)
3. Bearbei, omspit (Gén. 4:12)
4. Watter beroep het Kain gevolg? (Gén. 4:2)
5. Vertoorn te wees (Gén. 4:5)
6. Henog se seun (Gén. 4:18)
9. Die naam beteken: die swak mens (Gén. 4:26)
10. God waarsku Kain hierteen (Gén. 4:7)
13. Iemand wat gevaar probeer ontduik (Gén. 4:12)
14. Die opbrengs van die grond (Gén. 4:12)
15. Gestraf (Gén. 4:15)
17. Dui op God se straf (Gén. 4:13)
18. Oppasser (Gén. 4:9)
20. Lameg se eerste vrou (Gén. 4:20)
23. Kain se woonplek (Gén. 4:16)


Ester van Deventer

## RAGAB (JOSUA 2)

Kanaän was net oorkant die Jordaanrivier. Die Israeliete was nou baie naby. Die eerste stad aan die anderkant van die rivier was Jérigo. Voordat Josua met al die mense deur die rivier trek, wou hy graag eers weet hoe sterk hierdie stad was. Daarom het hy twee mans vooruitgestuur. Hulle werk was om te gaan kyk wat in Jérigo aangaan.

Hierdie twee mans het gou deur die rivier geswem en toe die stad ingegaan. Hulle het gesien dat die stad sterk mure en goeie soldate het. Hulle het ook gehoor hoe die mense wat in die stad bly, verskrik oor al God se groot dade gepraat het. Hulle plan was om die aand in die stad te slaap en die volgende oggend vroeg terug te gaan. Die mense van die stad het gesien dat hulle Israeliete was, maar niemand het hulle gekeer nie. Die enigste plek waar hulle ’n slaapplek kon kry, was by ’n slegte vrou wat verkeerde dinge gedoen het. Haar naam was Ragab. Haar huis was bo-op die stad se muur.

Daardie aand het iemand vir die koning van die stad vertel dat daar twee Israeliete die stad ingekom het. Hy het dadelik sy soldate gestuur om die twee mans te gaan haal. Hulle het aan Ragab se deur kom klop.

“Waar is daardie Israelitiese mans wat vandag die stad ingekom het?” Ragab het dadelik geweet van wie hulle praat. Die soldate wou hulle vang om te keer dat hulle vir Josua kan vertel wat in die stad aangaan. Die soldate was baie streng.

“Die koning sê dat ons daardie mans moet vang. Waar is hulle?”

Ragab het baie vinnig gedink. Sy het geweet dat hierdie twee mans Israeliete is, want hulle het anders

gelyk en gepraat. Sy het ook geweet dat die Israeliete se God baie sterk is. Ragab het in die Israeliete se God geglo. Hy was lief vir sy mense en Hy kon wonderlike dinge doen. Sy het vinnig 'n besluit geneem.

"Vreemde mans?" het sy gevra. "Hulle was vanmiddag hier, maar toe dit donker word, het hulle weggegaan. Ek het geen idee waar hulle nou is nie. As julle gou maak, kan julle hulle dalk nog vang." Die soldate het vinnig begin hardloop. Hulle het gedink hulle weet waarheen die twee mans sou gaan. Nadat Ragab die deur toegemaak het, het sy vinnig na die twee mans gegaan en hulle wakker gemaak.

"Kom vinnig saam met my," het sy vir hulle gesê, "die koning se soldate soek julle." Sy het hulle tot bo-op die dak van haar huis gevat. Daar het sy hulle onder 'n hoop hooi laat wegkruip. Nadat hulle 'n lang tyd daar gelê het, het Ragab weer na hulle gekom. "Ek weet julle is deel van God se volk," het sy gesê, "en ek het al baie van jul God gehoor. Ek het gehoor dat jul God julle uit Egipte verlos het. Ek het gehoor dat Hy vir julle ook 'n pad deur die see gemaak het! Ons weet dat jul God julle help, daarom is die mense van Jérigo vir julle bang. Ek weet dat Jérigo een van die dae jul stad gaan wees, want God is met julle. Maar ek het een ding om van julle te vra: Wanneer julle die stad aanval, sal julle my en my huisgesin asseblief spaar?"

Die twee mans het onthou dat sy hulle gehelp het om te ontsnap, daarom het hulle belowe om haar en haar gesin te spaar. Ragab het 'n dik rooi tou gevat en dit by haar venster aan die buitekant van die stad laat uithang. Haar huis was hoog bo die grond, bo-op die stad se muur.

"Hier," het sy gesê, "klim met hierdie tou af en gaan kruip in die berge weg totdat die koning se soldate terugkom. Niemand sal julle daar kry nie. Daarna kan julle dan na jul mense terugkeer." Die twee mans het styf aan die tou vasgehou, maar voordat hulle begin afklim, het hulle eers aan haar 'n belofte gemaak.

"As jy hierdie tou by jou venster laat uithang, sal ons weet dat dit jou huis is en ons belowe om jou en jou huis te spaar. Ons sal almal wat by jou is, se lewens spaar. Julle sal gered word." Ná drie dae het die mans veilig by Josua aangekom. Hulle het hom alles vertel wat gebeur het.

"Jérigo is 'n sterk stad, maar die mense is bang. Hulle weet dat die HERE hierdie land aan ons sal gee."

Josua het dit ook klaar geweet. Sy naam beteken mos "die HERE red". Die HERE sal mos nie iets belowe en dit nie doen nie!




# Jy moet aan 'n kerk behoort

## DIT IS DIE HERE SE WIL

Dit is reg. God wil hê jy moet deel van 'n gemeente wees! In Hebreërs 10:25a staan: *en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim ... nie ...* Sommige mense kan dalk sê dat ons hierdie vers verkeerd verstaan. Ons moet egter die voorbeeld van die apostels en die vroeë kerk in ag neem. In Handelinge 2:42 staan: *En hulle het volhard ...* Ons moet raaksien dat daar van "volhard" gepraat word. Dit beteken dat iets volgens 'n patroon gedoen is en dat daar hard gewerk is om volgens daardie patroon aan te hou. Ons het dus die direkte opdrag én die voorbeeld van hoe Christene deel van 'n gemeente (kerk) moet wees.

Christenskap is 'n gemeenskapsgeloof. Ons sien dit oral in die Bybel. Selfs God is Drie-Enig: Vader, Seun en Heilige Gees. Hy is self die volmaakte voorbeeld van 'n gemeenskap en het die mens na sy beeld geskape. Toe die mens alleen was, het God gesê dat dit nie goed is nie. Hy het vir Adam 'n hulp gemaak om by hom te pas. Ook Abraham sou uiteindelik die vader van 'n menigte van nasies word. Die Here Jesus se opdrag aan die kerk is om dissipels van al die nasies te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. Uiteindelik lees

ons ook dat daar ’n menigte van nasies, volke en tale voor die ewige troon in die hemel teenwoordig sal wees. Dit is nie God se wil dat gelowiges in afsondering van mekaar moet bestaan nie. Dit is God se wil dat hulle deel van ’n geloofsgemeenskap moet wees. Daarom moet dit vir ons prioriteit wees.

## DIE KERK BESKERM JOU

Ons het ’n sondige natuur; ons wil altyd die verkeerde dinge doen. In Efésiërs lees ons hoe Paulus bid dat die gemeente verligte oë van hul verstand mag hê sodat hulle weet wat reg en wat verkeerd is. In Hebreërs 10:25b staan: *... maar laat ons mekaar vermaan ...* Dit beteken dat ons mekaar moet oppas; mekaar se belange op die hart moet dra. Hoeveel keer sê die Bybel nie dat ons eensgesind moet wees nie. As ons eensgesind is, kan ons mekaar beskerm en help opbou in die geloof.

Die Here Jesus gebruik ’n baie mooi prentjie. Hy sê dat Hy die goeie herder en ons sy skape is. ’n Alleenloperskaap is weerloos en sonder beskerming op sy eie. Hy is ’n prooi vir wolwe. Ons het ’n gemeenskap van Bybelgelowige kinders van God rondom ons nodig. Dit is belangrik vir ons oorlewing.

## DIE KERK HELP JOU GROEI

Op jou eie gaan jy dalk baie “slim” oor die Bybel kan raak, maar jy sal nie in jou geloof kan groei nie. 2 Petrus 1 praat oor naasteliefde, broederliefde, lydsaamheid en selfbeheersing. Dink gou vir ’n oomblik hieroor. Het jy broederliefde of naasteliefde nodig wanneer jy op jou eie is? Het jy geduld nodig as alles gaan soos wat jy daarvan hou? Die antwoord is nee, jy het nie. Jy het hierdie dinge nodig wanneer daar mense rondom jou is met wie jy geduldig moet wees en wat jy moet liefhê. 2 Petrus 1 sê dat jy net kan sê dat jou geloof groei as jou geduld, jou broederliefde en jou naasteliefde gegroei het. Op jou eie kan jy dus meer oor die Here Jesus leer, maar jy sal nie in jou geloof kan groei nie, want hierdie kennis in jou kop word nie toegepas nie. En dit is waar die gemeenskap van ander gelowiges jou help dat hierdie goeie eienskappe by jou aanwesig is en toeneem.